University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

# HOOFSTUK 2

# ROUSMART AS PROSES

## 2.1 Inleidende opmerkings

"Wie 'heil, heling en gezondheid' zegt, vooronderstelt het tegendeel daarvan: onheil, gebrokenheid, ziekte ... [E]lk algemeen en abstract spreken over het lijden doet tekort aan lijden als mijn lijden, mijn bijna niet te dragen lijden" (Egmond 1990:41). Lyding is 'n saak wat mense se totale menswees raak. Lyding is 'n "*ek*"-saak. Hoewel lyding vir mense nie 'n onbekende is nie, kan geen mens dieselfde emosies beleef as die een wat self die verlies gely het nie. Elke mens ervaar die een of die ander tyd lyding. Elke mens ervaar lyding op 'n unieke manier. Dit is eweneens waar dat elke mens midde-in lyding, steeds sinvol en hoopvol behoort te kan lewe, ten spyte van die verlies wat gely is.

Wanneer daar gesoek word na werklike sin en hoop midde-in lyding, nood en verlies, kan daar met die opmerking van Egmond hierbo saamgegaan word wat wil hê dat daar êrens *iets goeds* sal wees ten einde lyding, verlies en rousmart hoopvol te beleef. Trouens, sonder lyding, verdriet en smart, kan heil, heling en gesondheid ook nie bedink word nie. Die vraag sal egter wees na waar hierdie iets goeds vandaan kom, wanneer hooploosheid in lyding en verlies die oorhand wil kry. Oomen (1994:263) sê dat die lyding van mense altyd 'n vraag na God sal wees. Hiermee gee hy, soos Egmond, te kenne dat daar die moontlikheid bestaan dat iets beters vir die pastorant kan deurbreek, midde-in sy of haar lyding. Die aanname van Oomen dui daarop dat hierdie "iets goeds" waarskynlik buite mense lê. Die wins van rou lê nie opgesluit in die vermoë waartoe mense hulleself kan ontwikkel of vaardighede wat hulle kan aanleer nie, maar daarin dat hierdie iets goeds van buite af aan mense toegesê word.

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Vir Christene wat die kruis en die Gekruisigde ken, staan geloof en lyding onlosmaaklik van mekaar. Geloof en lyding sluit mekaar nie uit nie. Wanneer daar aan Jesus Christus gedink word, staan die lydende kneg, die Seun van die mens in die middelpunt. Die lyding van Jesus Christus word geken in 'n lewe van lyding op aarde, vanaf die geboorte in 'n krip, maar dan veral in die lyding aan die kruis. Deur die lyding van Jesus Christus leer mense God ken as dié God wat teenwoordig en verteenwoordigend, bevrydend, ontfermend en plaasvervangend vir en ter wille van mense in nood instaan. Deur die lyding van Jesus Christus "verteenwoordig" God mense in lyding. Mense leer God ken as dié Een wat die kant van mense kies in die stryd teen lyding. Trouens, God wat self intree in mense se nood, wil nie dat mense ly nie. Ligtenberg (1995:10) sê die volgende oor lyding:

- Lyding is dit wat in die wêreld is, maar wat God nie wil nie.
- In 'n Christelike beredenering oor lyding, behoort Jesus Christus meer sentraal te staan as wat dikwels die geval is.
- Wat ookal oor God gesê word en hoe die Bybel ookal gelees word, kan mense se lyding terselfdertyd iets uitstraal van die heerlikheid van God vir 'n mens.
- Lyding is voorlopig en is bedoel om in die koninkryk van God opgehef te wees. Dit vra dat mense in terme van die eskatologie oor lyding sal dink.

Soos Ligtenberg hierbo, meen Louw self dat lyding ook as uiteindelike gebeure geïnterpreteer word, sodat daar hoopvol uitgesien kan word na dít wat Jesus Christus, aan die regterhand van die Vader, volkome sal regmaak (kyk Louw 1997:80-87). Aan die eenkant is dit nie verkeerd om lyding só apokalipties as uiteindelike gebeure te verstaan nie. Die probleem daarmee sou egter net wees dat mense nie regtig in hierdie lewe getroos sal kan word nie. Wanneer Ligtenberg oor die *koninkryk van God* praat en meen dat lyding eers aldaar opgehef sal wees, oordeel ek dat dit belangrik *veral vir hierdie studie* is om die

koninkryk van God nie alleen as 'n eind-tydelike begrip te verstaan nie. Volgens die evangelis Matteus (kyk Matt 3:2; 4:17; 10:7) dui Jesus Christus juis aan dat die koninkryk van God in Hom *naby* aan mense gekom het. Die koninkryk van God behoort verstaan te word as *dáár waar God heers*. Sodoende kan lyding met 'n eskatologiese perspektief gekommunikeer word as 'n eintlike gebeure hier-en-nou reeds wat hoop laat herleef as dít wat Jesus Christus reeds herstel het. Lyding kan verstaan word as iets wat *apokalipties* opgehef behoort te word.

Russell (1978:6) sê dat: "[A]pocalyptic is a language of crisis; in times of stress it lifts up its voice to give needed assurance to God's people". Die koninkryk van God en lyding is dus nie twee sake wat teenoor mekaar staan en mekaar uitsluit nie. Veel eerder wil dit beklemtoon dat daar waar God anders en uniek teenwoordig in die lewe van mense regeer, daar het die koningkryk aangebreek en al is die lyding nie noodwendig opgehef nie, kan mense hoopvol leef, omdat God by en saam met hulle lewe. Mense word midde-in lyding geroep om met hoop te leef, ten spyte van die oënskynlike sinloosheid en hooploosheid van lyding. Waar die koninkryk van God in Jesus Christus naby gekom het, daar kan mense met "egte" geloof en "vaste" hoop lyding verduur. Wanneer Paulus in Romeine 5:1 sê dat: "God het ons dan *nou* [in hierdie tyd; reeds] vrygespreek [het] omdat ons glo", dui hy aan dat die vrede wat Jesus Christus bewerk het om God by mense en mense by God uit te bring, nie iets is wat as eindtyd-gebeure verstaan behoort te word nie. Trouens, in die res van die argumentvoering (kyk Rom 5:1-11) word *die hoop op die heerlikheid van God* verstaan as iets wat mense nou reeds kan ervaar as iets midde-in en ten spyte van hulle swaarkry.

Hans Kessler (2000:9) meen dat die ambivalente spanning tussen geloof en lyding erken behoort te word, wanneer hy opmerk:

> Wer das Licht der Welt erblickt, wird bald nicht nur Licht erblicken. Unsere Welt hat nicht nur Licht, sie hat auch Schattenseiten und Dunkelheiten. Neben überwältigend

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

> Schönem und Gutem gibt es viele Übel, dicht neben Glück und Lust liegen Unglück und Leid. Gehören sie auch zu Gottes guter Schöpfung? Oder ist diese etwa gar nicht gut? Kann – und wie kann – sie je gut werden? Um solche Fragen auch nur einigermassen angemessen bedenken zu können, sind einige Vorklärung und Unterscheidungen nötig.

Wie *geloof* sê, erken daarmee dat nood, lyding en verlies wesenlik deel van mense se lewens is. Die omgekeerde is ook waar, naamlik dat mense hulle verhaal van lyding, nood en verlies hoopvol kan vertel as God se teenwoordige saamloop in hulle nood. Mense het regdeur hulle lewens met verlies te make. Kessler se opmerking hierbo erken dat selfs gelowige ligdraers (Matt 5:14) in die wêreld se eie lig dof kan brand vanweë die gebrokenheid van die wêreld. Hooploosheid midde-in lyding kan deur alle mense beleef word. Verlies kan nie deur mense vermy word nie. In 'n ondersoek wat gedurende die sestigerjare gedoen is, is bevind dat sekere verliessituasies selfs 'n verrykende invloed op die psige van mense kan hê (Holmes & Rahe 1967:213-218). Derhalwe kom Holmes & Rahe tot die bevinding dat lyding, verlies, nood en trauma nie noodwendig net die slegte in die lewe van mense tot gevolg het nie. Hulle meen dat mense in 'n sekere sin voorbereid is *om die beste van 'n slegte saak te maak*. Omdat lyding onlosmaaklik deel van mense se bestaan is, kan dit nie geïgnoreer of geëlimineer word nie. Waar mense leef, daar is lyding teenwoordig en waar lyding teenwoordig is, soek mense na hoop midde-in hulle lyding.

Ganzevort (1996:11) dui aan dat mense reg van die begin van lewe af, selfs reeds so vroeg as tydens die geboorteproses, verlies beleef. Wanneer 'n baba wat gebore word en die baarmoeder verlaat, só beweer hy, kan die sekuriteit en veiligheid van die baarmoeder wat prysgegee moes word, as 'n vorm van verlies beleef word en kan dit lei tot skeidingsangs by beide ma en kind. Vervolgens ly die ouers van daardie kind weer die verlies aan voorheen beskikbare tyd, vryheid en ruimte. Ganzevort is van oordeel dat verlies juis verstaan behoort te word as

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

die begin van lewe. Lewe en verlies is vir hom sinoniem met mekaar. Gansevort is reg as hy stel dat wie *lewe* sê, sê *verlies*. Ek wil egter verder gaan deur te stel dat *wie verlies sê, sê LEWE*. Waar verlies gely word en waar mense die grense van hulle bestaan bereik het, is hulle opsoek na iets beters midde-in verlies.

## 2.2 Rousmart

Rousmart is 'n spesifieke en intens emosionele toestand, gedrag en reaksie waarin treurendes in hul totale menswees deur verskillende momente van smartontwrigting heenworstel na aanvaarding en aanpassing na afloop van die verlies (kyk De Klerk 1972:19). *Rou* dui op die omskrywing van die tipe smart wat gely word en *smart* verwys na die pynlike verlange, wee, hartseer, leed, verdriet en pynlike aandoening van die gemoed. Binne dieselfde konteks verwys Futterman (1972:255) na rousmart as 'n " ... combination of affective responses such as shock, numbness, confusion, diffuse anxiety, pain and psychosomatic responses, as well as more differentiated and focussed sadness or depression over the impending or actual loss ... ". Dit blyk dat rousmart 'n ingewikkelde en emosioneel-deurvlegde aangeleentheid is wat mense fisies, sowel as psigies beïnvloed.

Yorick Spiegel (1977:17) meen dat: "[W]henever an experience of loss occurs, grief can appear. Therefore, some authors speak of the grief of the one that is dying, of one who has lost a limb, or of one who has left a familiar living area. Even growing up may be considered to be a grief process, because the person growing up loses the protection provided by childhood".

Hallewas (1989:9) praat oor persone wat rousmart ervaar as : " ... een bepaalde categorie mensen, namelijk die wij kunnen aanduiden met de verzamelnaam naasbestaanden, mensen die een naaste door de dood verloren hebben en als gevolg daarvan een periode van rouw doormaken". Hy is dus nie so ruim in sy siening oor wat rousmart is nie. Vir Hallewas is rousmart die gevolg van 'n verlies binne die konteks van die dood. Rousmart beteken om in die skadu van

die dood te wees. Hoewel Hallewas dit as vertrekpunt gebruik, gee hy toe dat daar verskillende situasies kan wees waarin 'n mens rou. Hy meen egter dat daar slegs met die dood sprake van "ware rou" kan wees. Die ander vorme van rou, beskou hy hoogstens as die reaksie op 'n verliessituasie, of dan, soos hy dit stel, rou in 'n afgeleide sin. Rou is nie gelyk aan verlies nie, rou is die gevolg van of reaksie op verlies. Verlies is die gebeurtenis, rou is die emosionele respons daarop. Omdat daar dikwels by mense die gevoel van feilbaarheid en skuld aanwesig is wat die emosies in die losmakingsproses rig en inklee, is Hallewas van oordeel dat rou deurgaans die psige van mense beïnvloed. Ek meen dat Hallewas se standpunt ten opsigte van rousmart te eng is en dat daar wyer oor die rousmart van verlies gedink behoort te word.

Volgens Hallewas (1989:11) en Freeman & Ward (1998:216) is die dood 'n eiesoortige verskynsel. Hulle oordeel dat die dood die finale fase van menslike ontwikkeling is. 'n Geskeide kan weer trou en 'n werklose kan weer werk kry, maar in die geval van dood, word die subjek-subjek-verhouding verbreek, en word die geliefde subjek, 'n objek-in-die-kis. Hallewas oordeel egter wel dat ander verliessituasies naas die dood, nie noodwendig minder intens belewe word as die dood self nie.

Ander werke op die terrein van rousmart, soos dié van Roelof Groen (1990:9) en Hans Van der Ven (1995:13), steun sterk op die werk van Spiegel (1977). Vir hulle is rou 'n ervaring waarin die verlies wat plaasgevind het, 'n invloed op mense se totale menswees het. Navorsing oor rousmart toon aan dat rou mense verstandelik, liggaamlik, geestelik en gevoelsmatig beïnvloed word. Howe (1995:144) merk soos volg op:

> Of all the situational crises pastors and pastoral councelors confront, none is so relentless as people's experience of loss and bereavement ... [A]long with these losses we suffer also from inevitable separations that we attend growing up and

> "moving on", as well as from the rupturing of relationships we had thought would endure any hardship. Also, there are still other kinds of losses with which sooner or later we will deal: cherished pets, hard-won jobs, physical and mental health, plans for the future, possessions, confidence in what we were taught about life, and perhaps even of faith and hope.

Howe dui aan dat *enige* vorm van verlies as rousmartgebeure gereken moet word. Dit is belangrik om daarop te let dat Howe aandui dat mense, insluitend Christengelowiges, selfs in tye van nood 'n verlies aan geloof en hoop kan hê. Die hele lewe bestaan uit die loslaat van die oue en die op reis gaan met die nuwe; die verlies aan die bekende en die op pad wees met die onbekende. Dit is egter so dat mense meestal die dood van 'n lewensmaat baie meer intens beleef as byvoorbeeld die verandering van 'n beroep. Selfs positiewe situasies, soos die huwelik of geboorte van 'n baba, is vir sommige mense 'n vorm van verlies deurdat hulle bepaalde vryhede moes inboet (kyk Ganzevort 1996:18).

Rousmart dui dus op 'n rou en pynvolle proses van trauma, nood en verlies wat roep na hoop midde-in hooploosheid. Rou is universeel en word deur alle mense ervaar. Rou is ingewikkeld en emosioneel deurvleg en Christengelowiges vra in die verwerking daarvan na 'n daar-wees van die altyd-unieke en alomteenwoordige God, eerder as na die aanleer van bepaalde vaardighede. Rou is 'n normale en onafwendbare deel van mense se lewens.

Goldberg (2001:13) oordeel dat die kwessie oor lyding en verlies nog nie verklaar kon word nie. Die vreemdheid van lyding en verlies sal altyd wees dat die een mens sy of haar lyding kwalik verwerk kry, terwyl 'n ander, ten spyte van die geweldige pyn wat verlies meebring, dit op sy of haar beurt as betekenisvolle gebeure sal interpreteer. Goldberg meen dat lyding mense aan mekaar kan verbind. Lyding kan tot gevolg hê dat mense deelnemend en empaties betrokke raak by ander se nood. Lyding is nie 'n kantlyn-gebeure nie en mense is nie

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

bloot toeskouers van die lyding wat plaasvind nie. Mense in nood word deur lyding genoop tot betrokkenheid op 'n doelgerigte wyse. Sodoende is dit nodig dat mense in nood die betekenis sal soek van die pyn en verlies wat hulle beleef.

"Humans experience pain, but pain does not become suffering until it is translated into a category of meaning" (Goldberg 2001:17). Na aanleiding van hierdie opmerking van Goldberg oordeel ek dat mense eers rou beleef wanneer die vorm van verlies wat gely word, *bewustelik* herken en erken word. Wanneer patologiese rou later bespreek word, sal dit duidelik blyk dat die bewustelike hantering van rousmart noodsaaklik is vir die verwerking van verlies. Omdat mense 'n ondraaglike pyn weens hulle verlies belewe, poog hulle dikwels om hierdie pyn te verskans, te ontken of te onderdruk word. Die onderdrukking van 'n pynlike ervaring of die ontkenning daarvan, bring mee dat mense hulle pyn na die onderbewuste verplaas, in 'n poging om van die pyn te "ontsnap". Daarom is dit nodig dat mense in rou begelei sal word om die emosies van rousmart op 'n bewustelike vlak te beleef. Waar mense by mekaar se nood, lyding en verlies betrokke raak en vir mekaar begin omgee, daar begin lyding nuwe betekenis kry.

"Man exists anthropologically not in isolation, but in the completeness of the relation between man and man ... " (Martin Buber 1999:85). Die emansipatoriese begeleiding en bemagtiging van mense op die pad na herstel en heelheid, of te wel hoop wat realiseer teen alle hoop in (Rom. 4:18), geskied waar empatiese dialoog plaasvind en waar mense saam soek na *h(H)oop* midde-in hooploosheid. Lyding en verlies vra na meer as bloot net die self. Dit is 'n kollektiewe en gemeenskaplike saak waar daar saam gesoek word na die hoop van die kruis ten spyte van hooploosheid. Daar is reeds hierbo beklemtoon dat die *geloofsgemeenskap* hierin 'n belangrike rol speel.

Lyding, soos wat mense dit ken in die lyding van Jesus Christus aan die kruis, is 'n uitnodiging aan ander om ook by die nood van 'n naaste betrokke te raak. Meer nog, dit word 'n uitnodiging aan die *Ander*, die altyd- en anders-

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

teenwoordige God self, om deur Jesus Christus, by die lyding en nood van mense betrokke te raak. "I requires a Thou to become; becoming I. I say Thou" (Buber 1970:62; vgl Oomen 1994:263). Om te leef en te rou buite God om, getuig vir Christengelowiges van leegheid en sinloosheid, van 'n niksseggende, doellose en trouens hooplose bestaan. Verlies wat nie vra na God nie, is verlies aan lewe en stuur af op die dood. Buite God om is daar vir Christengelowiges geen moontlikheid op hoopvolle lewe midde-in rousmart en verlies nie. Wanneer Christengelowiges hoopvol wil leef midde-in verlies, vra hulle na 'n Goddelike betrokkenheid en daar-wees in hulle nood.

"Normale rousmart", in soverre dit moontlik is om so daarna te verwys, word gekenmerk deur verskeie vorme van rousmartgedrag en -emosies. Reaksie op verlies kan gewoonlik aangedui word met 'n depressiewe gemoedstoestand, slaapversteuringe, hartseer, trane, en 'n onvermoë om te konsentreer. Worden (1991:28) brei hierdie lys van simptome uit na: " ... anxiety, loneliness, fatigue, helplessness, shock, yearning, emancipation, relief, numbness, disbelief, confusion, preoccupation, sense of presence, hallucinations, sleep and appetite disturbance, dreams, and overactivity". Dit is belangrik om te besef dat nie alle mense se rousmartgedrag en –emosies met mekaar ooreenstem nie. Trouens, nie al die genoemde emosies sal noodwendig gedurende die rouproses ervaar word nie. Hierdie rousmartgedrag en -emosies funksioneer ook in verskillende grade van intensiteit en frekwensie. Dit verskil van mens tot mens. Die rouproses kan nie resepmatig verloop nie (kyk Gilbert 1996:269-283).

Elke vorm van lyding behoort benader te word as 'n geleentheid wat nuwe betekenis aan mense wil gee (Van der Ven 1995:14). Vir Van der Ven is lyding en verlies nie 'n verloorsituasie nie, maar eerder 'n situasie waarin mense midde-in rousmart geroep word tot 'n nuwe verstaan van verlies. Rousmart as geleentheid kan juis beteken beteken dat " ... weakness is the very channel through which God displays God's power, God's omnipotence ... " (Zurheide 1997:49). Dit beteken dat mense wat verloor, mense kan word wat wen wanneer

hulle verlies ly. In elke vorm van verlies is daar die moontlikheid van 'n wenmotief opgesluit. Een voorbeeld hiervan is wanneer Paulus skrywe: " ... want om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins" (Fil 1:21). God laat wen wanneer mense verloor. God laat hoop, wanneer mense verval in wanhoop. God brei grense uit, wanneer mense die grense van die lewe bereik. God is *al Een* teenwoordig, wanneer mense in hulle *alleen-heid* in hooploosheid verval het.

## 2.3 Verbande tussen verlies, nood, trauma en lyding

Die onderskeie begrippe van *verlies, nood, trauma* en *lyding* word in hierdie studie *sinoniem* met mekaar gestel, sonder om die een begrip bo die ander uit te lig. Elkeen van hierdie begrippe dui op die donker kant van die lewe waar mense dikwels die ervaring het van "*niks werd te wees*", van *on-sin* en *leegheid*. Dit is ervaringe wat die gevoel van sinloosheid en hooploosheid meebring en wat as 'n belangrike trauma-ervaring gereken behoort te word. Wat die belewenis van sinloosheid nog erger maak is dat lyding ook beleef word in verskillende *vorme*, asook in verskillende grade van *intensiteit* en *frekwensie*. Dit kan daartoe lei dat mense in 'n geloofsgemeenskap al hoe meer geïsoleerd raak weens die onvermoë van die geloofsgemeenskap om op hulle nood te reageer. Die onbetrokkenheid van 'n geloofsgemeenskap kan aan mense die ervaring gee dat hulle nie voldoende ondersteuning kry wanneer hulle verlies ly nie. Te dikwels is gelowiges op hulleself aangewese in hulle soeke na sin en hoop midde-in 'n wêreld van verlies, nood, trauma en lyding. Daarteenoor is dit belangrik om te hoor wat Matthew en Lawson (1995:116-117) sê: "In a caring congregation its members will be offered the opportunity to care and to be cared for ... [F]ellowship is an over-used and under-valued word in the Church vocabulary." Wanneer 'n geloofsgemeenskap dit waag om te bely dat hulle glo in die *gemeenskap van gelowiges,* behoort hulle ook mekaar se laste te dra en behoort hulle saam met die pastorant biddend in die gesprek met God voor te gaan.

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Waar mense deur lyding die kwesbaarheid en stukkendheid van hulle menslike bestaan beleef, word hierdie bestaan dikwels ook ver-beeld as hooploosheid. Dit bring die ambivalente gevoelens na vore van heil en onheil, van belofte en die talmende vervulling daarvan, van God wat gekom het en weer moet kom. Deur lyding word mense uitgeneem na die grense van die lewe, sodat hulle as 't ware gedwing word om vrae oor die lewe te vra. Deur die ervaring van lyding word gelowiges geneem na die kritiese moment om geloofsvrae te vra, want waar die grense van die lewe bereik is, kom die vraag onherroeplik na vore van wat of w(W)ie anderkant die grens is en hoe die hoop in mense kan herleef (kyk Navone 1990:41-42). Navone merk tereg op dat: "Faith can 'see' what God is doing in their lives. Such lives make God's doings understandable, truly credible, and imaginable; they make it possible for us to go and do likewise". Vir Christengelowiges sal geloof altyd 'n rol speel wanneer verlies ervaar word. Christengelowiges sien deur geloofsoë nie net hulle verlies nie, maar ook vir God.

Die wyse waarop die teenwoordigheid van God die verlies van mense ervaar word, " ... kan natuurlijk geweldig verschillen van mens tot mens en van kerk tot kerk. Toch is het voor veel mensen een hulp dat ze niet bij iedere gebeurtenis hoeven na te denken over de betekenis, maar vaste denkpatronen kunnen gebruiken om de vragen te beantwoorden" (Ganzevort 1996:48). Derhalwe is ek van oordeel dat verlies die die ruimte bied waarin geloof ervaar word as God se singewende hoop in Jesus Christus alleen. Vir Christengelowiges is geloof in Jesus Christus die roete wat gevolg word, ten einde die verlies positief te interpreteer en te verwerk.

Christengelowiges ken God deur Jesus Christus as "die menslike gesig van God", as die wyse waarop God ontmoet word in die ervaring van die stories van gelowiges waarvan die Heilige Skrif getuig. Vanuit die evangelies en briewe van Paulus leer mense God ken as die Een wat lydend die wêreld van mense deur Jesus Christus binnetree en medelydend saam met mense ly. Die heil wat Jesus

Christus bewerk het, gebeur midde-in, ten spyte van en deur lyding, ter wille van bevryding. In verlies, nood, lyding en trauma is God nie afwesig nie, maar praat God met mense in nood. Christengelowiges wat weens 'n bepaalde verlies of trauma lyding ervaar, ken ook nie vir God anders as 'n God wat in en deur Jesus Christus *tussen*, *vir* en *ter wille van* mense kom ly het nie (kyk Louw 1997:467).

## 2.4 Rousmart as 'n gegewe gebeure

### 2.4.1 Die dimensies van rousmart

Wanneer Hallewas (1989:9) met rousmart omgaan, verstaan hy dit as " ... exclusively the reaction to the death of a close loved one". Omdat ek van mening is dat rousmart as die reaksie op verlies meer as net die dood is, kan ek met Spiegel (1977:17) saamgaan wat meen dat enige vorm van verlies 'n rousmartsituasie kan laat ontstaan. Voorts beklemtoon Spiegel ook die belangrike aspek van rousmart, deur aan te dui dat rou altyd 'n *relasionele* en *universele* dimensie sal hê. Daar behoort menslike aandag, steun en sorg gebied te word aan mense in hulle *noodgeveg* en heroriëntasie op die lewe, sodat hulle die weldade van Jesus Christus as singewend en hoopvol kan belewe. Omdat alle mense verlies ken, het rousmart ook 'n *universele dimensie*. Waar mense leef, word verlies beleef. Die kosmos is aan gebrokenheid onderworpe. Daarom sê Jesus volgens die evangelis Johannes aan Nikodemus dat die enigste manier om van hierdie gebrokenheid bevry te word, sou wees om deur die Gees van God weergebore te word (Joh 3:3).

Voorts kan gelowiges vashou aan die heilsfeit dat rousmart 'n *transendente dimensie* het, omdat dit God is wat by mense teenwoordig is. Rou laat mense vra na lewenssin, na betekenis, na identiteit, na hoop, sodat hulle midde-in en ten spyte van hulle verlies sal reik na nuwe hoop midde-in hooploosheid, met die *bewuste* wete dat hoop nie deur 'n mens self bewerk kan word nie. Hoop realiseer op 'n hoër vlak as waartoe mense self in staat is. Mense hoef nie nood, rou en lyding as vyand en bedreiging te sien nie. Die konteks van lyding is ook

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

die milieu waar die heil in Jesus Christus nou reeds as eintlike gebeure belewe word. Dit is 'n binne-ruimtelike gebeure waar die bo-ruimtelike God op 'n ander- en misterieus-teenwoordige wyse weldade van hoop aan mense in nood bied.

God wat teenwoordig is in pyn en verlies, is terselfdertyd díe God wat wanneer die hoop wil taan en waar hooploosheid die oorhand wil kry, self uit genade aan mense in nood medelydend in Jesus Christus teenwoordig wil wees (kyk Sarot 1994:138). Rou is veel meer as bloot menslike ervarings. Deur die teenwoordigheid van Jesus Christus in die gebrokenheid van mense, verkry rou 'n Goddelike dimensie midde-in hierdie tydsdimensie waarin mense lewe. In die Pauliniese teologie ontdek mense iets van hierdie medelydende teenwoordigheid van Jesus Christus by die nood van mense, wanneer hy sê: "Christus het ons losgekoop ... deur in ons plek (ὑπέρ) 'n vervloekte te word" (Gal 3:13). Wanneer Jesus Christus dus in die plek van mense sterwe, is die bedoeling daarvan nie om 'n God wat kwaad vir mense was, weer "goed" te maak nie. Dit is 'n versoening wat tussen God en mense plaasvind, sodat mense in hierdie versoende verhouding (*Sühnung*) die teenwoordigheid van God as "naby" kan beleef. Om "ter wille van" ander iets te doen, dui op 'n deernisvolle houding teenoor ander sonder grense of inperkinge. Juis dít doen Jesus Christus, sodat mense vir altyd, oral en in alle omstandighede die "naby"-wees van God as God se seën (*Sühnung*/versoening) kan belewe.

Rou is kompleks. Geen vorm van rou kan ooit met 'n ander vergelyk of gelykgestel word nie. Rou word met 'n diepe intensiteit beleef. Die *intensiteit* van rousmart hou verband met die *impuls* wat die rou veroorsaak het. So byvoorbeeld sal 'n dokter se aanbeveling dat 'n mense se been geamputeer moet word, veel wyer strek as net die uitvoering van die operasie self. Eweneens is die dood van 'n geliefde ook veel meer as net die feit dat hy of sy nie meer daar is nie. Rou is 'n onvermydelike deel van elke mens se lewe. Die aard van die verlies, die wyse waarop die verlies gebeur het en die verhouding

waarin mense tot hulle verlies staan, is alles faktore wat die hoopvolle verwerking van die rousmart van verlies beïnvloed. Alle verlies roep tot besinning en evaluering van mense se totale menswees, omdat dit 'n invloed het op mense se normale lewensfunksionering. Verlies raak die sekuriteit en veilige lewensdomein van mense.

Oates (1997:20-38) omskryf ses kontekste van verlies waarin rousmart herken kan word. Hy noem dit *kwantitatiewe vorme* van rou, deurdat hy in terme van hoeveelheid meen dat alle vorme van rou binne hierdie kontekste teruggevind sal kan word. Ek is egter van mening dat die aard en inhoud van verlies nie so maklik vasgepen kan word nie, aangesien verlies eenvoudig in te veel verskillende vorme kan manifesteer. Die waarde wat aan elke konteks van verlies verleen word, verskil van mekaar. Mense beleef elk van hierdie kontekste verskillend in terme van intensiteit en frekwensie. Voorts is daar by elk van hierdie kontekste van verlies onderskeie eienskappe waaraan hulle gekenmerk word. Die funksionele aard van hierdie kontekste van rou verskil ook van mekaar. Die onderskeie kontekste van rousmart, volgens Oates, kan soos volg geïdentifiseer word:

- Antisipatoriese of vervroegde rou
- Skielike of traumatiese rou
- Kroniese of "no end"-rou
- "Near miss"-rou
- Patologiese rou
- "The tragic sense of life"-rou

**a) Antisipatoriese of vervroegde rou**

Hierdie konteks van verlies word gekenmerk deur 'n geval waar 'n pasiënt byvoorbeeld besig is om te sterf, terwyl sy of haar familie *onbewustelik* dieselfde rousmartemosies deurleef. Hulle is as 't ware besig om die komende verlies vooruit te loop en te beleef asof dit reeds plaasgevind het. Dit gebeur dan dat

die familie onwillekeurig as waarnemers toekyk op die proses wat onafwendbaar 'n rigting ingeslaan het. Dit lei daartoe dat hulle selfs onbewustelik reeds by die rouproses betrokke geraak het en die *komende verlies* reeds as 'n werklikheid beleef.

**b) Skielike of traumatiese rou**

Hierdie vorm van rousmart is verlies wat gebeur sonder enige vooraf waarskuwing, aankondiging of verwagting. Die konteks is byvoorbeeld 'n hartaanval, 'n ongeluk, selfmoord, moord, en so meer. Natuurlik kan verwag word dat die *moment van skok* (sien hoofstuk 2.4.4) in hierdie geval groter sal wees as in gevalle waar die komende verlies verwag word. Dit is noodsaaklik dat die pastor daarop sal let dat *patologieë* baie maklik binne die konteks van traumatiese rou mag ontstaan, as gevolg van die pastorant se "no time" waarin daar nie 'n geleentheid was om afskeid te neem nie.

**c) Kroniese of "no end"-rou**

Oates noem hierdie vorm van rou *the death of a dream*. Hierdie konteks van rou word herken aan die sorg wat byvoorbeeld aan serebraal gestremde mense gebied word of aan 'n huweliksmaat wat aan Alzheimer se siekte of spierdistrofie ly terwyl die uiteinde van die proses onseker is. Binne die huidige konteks van Suid-Afrika, waar mense wat HIV-positief is, binne 'n totaal onsekere situasie ten opsigte van lewensverwagting lewe, rus die konteks van "no end"-rou swaar op elkeen wat 'n verantwoordelikheid vir so 'n medemens aanvaar.

**d) "Near miss"-rou**

Hierdie vorm van rou word gekenmerk deur 'n situasie waarin 'n mense die dood nouliks ontkom het, byvoorbeeld tydens 'n inbraak, rooftog of motorkaping. Die konteks is 'n *amper-maar-gelukkig-nie*-belewenis. Binne 'n konteks waar mense voordurend sodanige belewenisse mag hê, byvoorbeeld noodwerkers, brandweermanne en –vroue en polisielede, of selfs in omstandighede van 'n onsekere politieke en ekonomiese klimaat, ontstaan die moontlikheid van

*patologiese rou*, aangesien die pastorant die belewenis het dat hy of sy so dikwels die fyn grens tussen lewe en dood ervaar het en selfs deel daarvan kon wees. Hierdie vorm van rou word dikwels opgemerk waar mense 'n ongeluksituasie oorleef, maar gesien het hoedat ander in dieselfde ongeluk sterf. Die manifestering van die sogenoemde *post traumatiese stress-sindroom* (PTSD) is hier nie uitgesluit nie.

**e) Patologiese rou**

Aan hierdie vorm van rou sal daar vir die doeleindes van hierdie studie later meer in hoofstuk 2.5 aandag gegee word. Patologiese rou ontstaan hoofsaaklik wanneer mense die werklikheid van gebeure wat aanleiding tot die rousmart van verlies gegee het, ontken. So byvoorbeeld kan 'n huweliksmaat vir jare na haar man of sy vrou se dood nog klere in die kas wegbêre, soos wat die geval was toe die huweliksmaat nog gelewe het. Patologiese rou word gekenmerk aan die aanwesigheid van die *moment van depressie* (sien hoofstuk 2.4.4 & 2.4.6), en 'n daarmee gepaardgaande belewenis van hooploosheid en 'n onvermoë om self deur die momente van rousmart as "normale rou" te werk. Patologiese rou verg heel dikwels 'n multiprofessionele ondersteuning. Patologiese rou beteken dat die hele rouproses tot stilstand gekom het. As gevolg van die teenwoordigheid van bepaalde blokkasies in die verwerking van die proses, het dit vir mense in rou onmoontlik geword om die emosies van rousmart deur te werk.

**f) "The tragic sense of life"-rou**

Hierdie vorm van rou ontstaan wanneer mense bewus is van die beperkte en voorlopige sorg wat hulle aan ander kan bied, maar wat vanweë hulle eie sterflikheid, sal eindig. So byvoorbeeld sal grootouers wat om die een of die ander rede na hul kleinkinders omsien, voortdurend daarvan bewus wees dat hulle eie kragte afneem. Mense se onwilligheid om af te tree, het dikwels met hierdie vorm van rou te doen. Die *moment van onderhandeling* mag baie sterk binne hierdie konteks van rou funksioneer. Indien die pastorant nie die moment

van onderhandeling met tevredenheid deurwerk nie, laat dit ruimte vir die ontstaan van patologiese rou.

Daar is ook kennis geneem van die *vier kontekste* van rousmart wat Hallewas (1989:9-21) aandui. Weens die ooreenkomste wat dit in terme van *aard* en *inhoud* toon met die aantal vorme van rou wat Oates hierbo noem, word dit nie afsonderlik bespreek nie. Wat wel duidelik blyk is dat rousmart 'n *uitgebreide vorm van verlies* is en gevolglik meer is as net die dood. Elke mislukking en elke verlies verteenwoordig 'n bepaalde doodservaring. Om maar net enkele voorbeelde op te noem kan daar gedink word aan die verlies aan die veilige ruimte van die baarmoeder, 'n miskraam, "Sudden Infant Death Sindrome" (SIDS), verlies aan 'n sorgvrye jeug, 'n mislukte huwelik, die menopouse en verlies aan vrugbaarheid, 'n verlies aan inkomste, werk, finansiële sekuriteit en gesondheid, 'n verlies aan reputasie en integriteit, selfmoord en uiteindelik die dood, 'n verlies aan hierdie lewe.

Volgens Spiegel (1977:21) is die geloofsgemeenskap " ... more than other organizations, faced with the problem of dealing with grief". Op sy beurt stel Lategan (1992:19) dat een van die grootste krisisse van rousmart die gebrek aan 'n konkrete belewing van pastorale sorg tydens rousmart is. Dit is ook reg as hy die mening handhaaf, omdat die *geloofsgemeenskap* die enigste ruimte vir Christengelowiges is waar die rousmart van verlies verwerk kan word. Buite die liefdevolle leiding wat *ander* medegelowiges, onder leiding van en deur die toesegging van die *Anders-teenwoordige God* gee, is hoopvolle verwerking van die rousmart van verlies vir Christengelowiges soms 'n vergesig.

Faber (1984:29) vergelyk verlies of rou met 'n vorm van amputasie. Dit gaan oor 'n afsnyding van bepaalde bande, 'n ophou van bepaalde verhoudinge, 'n verminking van mense in murg en been, in hart en siel. Vir die pastorant gaan die rousmartsituasie nie primêr oor die vraag na wat die aard van die verlies was nie, maar eerder oor die vraag na: "Hoe kan ik ... verder leven?" (Faber

1984:25). Verlies skud die fondamente van die *eie ek*. Hierdie "ik" waarna Faber verwys, is dié een wat self die verlies so intens belewe, dat hy of sy byna nie kans sien om met die lewe voort te gaan nie. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die pastor die nood van die pastorant sal verstaan. Anne V Sutherland (1995:281) maak binne die konteks van krisisse en verlies die opmerking dat: " ... people need comfort in trying times, not a theological discussion ... ". In verlies vra mense nie na verklarings nie, maar na 'n pad van vertroue waarmee daar saamgestap word.

### 2.4.2 Fases wat die rousmartsituasie kenmerk

Elizabeth Kübler-Ross (1969) se baanbrekerswerk ten opsigte van rousmart is vir etlike dekades lank wyd aanvaar. Ek sluit in hierdie studie by haar aan, terwyl ek krities ten opsigte van 'n bepaalde punt van haar verskil. Kübler-Ross het na jarelange navorsing bevind dat daar 'n bepaalde verloop van gebeure in die proses van rousmart te bespeur is en dat die emosies van mense in rousmart min of meer gekategoriseer kan word. Om die gebeure en emosies te orden, het sy die rouproses in onderskeie *fases* verdeel. Ander bronne op die terrein van rousmart, soos Spiegel (1977), Bowlby (1980), Flatt (1987), De Vries (1997) en Stephen Freeman & Sharon Ward (1998) waarin na Kübler-Ross pogings aangewend is om die fases van rousmart te verwoord, sê uiteindelik nie iets meer of anders as wat Kübler-Ross gedoen het nie. Die fases van rousmart kan soos volg daar uitsien:

#### a) Fase van skok

Die fase van skok word met elke vorm van verlies beleef, die oomblik wanneer die verlies aangekondig word. Mense span al hulle verdedigingsmeganismes in ten einde sodanige tyding van verlies te vermy of te ontvlug. Louw (1982:310) stel dit soos volg: " ... die stimuli wat tot pyn lei, is gewoonlik skadelik, of potensieel skadelik". Die eerste reaksie wanneer die tyding van verlies aangekondig word, is gewoonlik van verlammende skok, verwarring, onwerklikheid en ongeloof, asook die onvermoë om diepgaande insig oor die

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

werklikheid ten opsigte van die verlies te hê. Die belewenis van skok kan volgens Kübler-Ross (1969:35) regressiewe en selfs infantiele gedrag laat manifesteer. Kommunikasie met die treurende is bykans onmoontlik. Die pastor behoort versigtig te wees om nie te vinnig te poog om sogenaamde "Bybelse antwoorde" te gee nie. Trouens, die pastor wat bewus is dat die verlies nie verwerk word deur die aanleer van sekere vaardighede nie, maar veel eerder 'n pad van empatiese saamloop met die pastorant is, neem die plek van 'n goeie luisteraar in. Die pastor behoort ook in alle eerlikheid teenoor die pastorant te erken dat hy of sy soms ook *nie weet hoe nie*. Die pastor behoort die rol van 'n vertroude vriend te vervul. Die blote daar-wees van die pastor tydens die moment van skok, dien as ondersteuning vir die pastorant in rou (De Klerk 1977:203).

Skok word in terme van frekwensie, sowel as intensiteit beleef word. Skok word nie slegs eenmalig beleef nie. Trouens, ek is van oordeel dat elke keer wanneer die pastorant aan die verlies dink en dit as bewustelike gebeure herroep, dit opnuut weer 'n herinnering aan die aanvanklike moment van skok kan wees. Alhoewel die herinnering aan die aanvanklike oomblik van skok op 'n sekondêre vlak beleef word, beteken dit nie noodwendig dat die impak daarvan minder intens vir die pastorant hoef te wees nie. Nie almal wat van die verlies in kennis gestel word, beleef die verlies op dieselfde intensiewe wyse nie. Trouens, die pastorant self beleef sy of haar menslike verlies nie elke keer met dieselfde intensiteit nie.

**b) Fase van ontkenning**

Waar daar by die vorige fase die emosie van verslaendheid ter sprake was, gebeur dit by die fase van ontkenning dat die pastorant poog om as 't ware die werklikheid van die verlies weg te praat en 'n valse hoop en illusie te skep waaruit hy of sy lewe. Tydens die fase van ontkenning belewe die persoon 'n mate van herstel na die gevoel van onwerklikheid. Na afloop van die skokfase, is die verlies vir die pastorant 'n pynlike belewenis. Aangesien die werklikheid van

die emosies deurbreek, beleef hy of sy dat dit veiliger sal wees om die feite van die verlies wat gely is, bloot te ontken.

So byvoorbeeld mag die pastorant na die onverwagte afsterwe van 'n huweliksmaat, vir etlike weke lank die situasie hanteer asof hy of sy wag dat die maat van die werk af behoort terug te kom. Die pastorant mag selfs sover gaan as om te ontken dat hy of sy by die begrafnisreëlings en die begrafnis self betrokke en teenwoordig was. Hier is 'n gevaar dat patologiese rou mag ontstaan, aangesien hierdie valse hoop, wat 'n hoop teen alle realiteite in is, die realiteit van die gebeure ontken.

Die ontkenningsfase is 'n inkeer tot en 'n besig wees met die *self op 'n onbewuste wyse*. Dit lei tot *isolasie* (kyk Kübler-Ross 1981:43), gebrek aan sinvolle kommunikasie en onbegrip teenoor ander. Dit is die veilige, dog onrealistiese hawe wat die pastorant vir hom- of haarself skep. Ontkenning dien as 'n tydelike verdedigingsmeganisme. Die fase van ontkenning van die verlies word net soos met die fase van skok, in terme van *frekwensie* en *intensiteit* belewe.

**c) Fase van opstand**

Tydens die fase van opstand en woede, soek die pastorant na 'n uitlaatklep om al die onverwerkte emosies te kanaliseer. Mense beleef emosies van woede en opstandigheid teenoor hulself wat in onvermoë en hooploosheid staan om iets aan die verlies te doen, maar ook teenoor ander en selfs teenoor God wat apaties blyk te wees teenoor die rousmart van verlies. Naas die onderdrukte aggressie is daar die gevoel van hulpeloosheid en magteloosheid wat uitgedruk kan word met die vraag: "Waarom ek?" (kyk Cartwright 2001:12; vgl Edwards & Besseling 2001:64; Louw 1997:461; Kübler-Ross 1981:44).

Omstanders vind dit gewoonlik baie moeilik om begripvol teenoor die pastorant te staan. Hulle beleef hulself as die teiken van mense in nood se onbillike kritiek,

maar voel terselfdertyd magteloos om antwoorde op die onderskeie en gewoonlik onrealistiese vrae te gee. Dokters sal beskuldig word dat hulle nie genoeg gedoen het nie, predikante sal beskuldig word dat hulle nie daar was toe die lidmate hulle nodig gehad het nie, die familie word agteraf as skynheilig beskuldig en selfs God word as onregverdig en liefdeloos voorgestel.

### d) Fase van onderhandeling

Die pastorant sal poog om tydens die onderhandelingfase *te speel vir nog 'n bietjie tyd*. Kübler-Ross (1981:72) verstaan die onderhandelingsfase as 'n geleentheid om 'n guns te vra. Sodoende word die onvermydelike konfrontering met die realiteit uitgestel. Hulle sal allerlei goedbedinkte planne maak wat heeltemal onrealisties is, byvoorbeeld deur te sê: "Indien ek gesond word, of indien ek my man of vrou terugkry, sal ek net doen wat die Here van my vra en sal ek my werk bedank en vir arm kinders gaan sorg". Pastorante sal gedurende die onderhandelingsfase hulle argumente kousaal beredeneer.

Die motiewe van die pastorant lê tydens die fase van onderhandeling dikwels op die vlak van die "onbewuste". Om betekenis aan die onderhandeling te gee, sal die pastorant poog om met netjiese beredeneerde en afgemete argumente ander en selfs vir God van sy of haar saak te oortuig. Alhoewel die beredenering bewustelik gedoen word, staan die argumentvoering gewoonlik verwyderd van die realiteit. Die *voorwaardes* wat gestel word in die hoop om die verlies minder intens te beleef, is eweneens onrealisties en buite bereik. Aangesien die pastorant dikwels op 'n intrapersoonlike vlak onderhandel, is min mense gewoonlik bewus van die onderhandelingproses wat aan die gang is (kyk Swinburne 1998:34; vgl Kübler-Ross 1981:72).

Onderhandeling vind vir die Christengelowige hoofsaaklik met God plaas. Derhalwe is Edwards & Besseling (2001:63) van oordeel dat die betrokkenheid van die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol speel in die daarstel van 'n sosiale struktuur waarbinne die pastorant die geleenheid gegun word om te rou. Die

biddende ondersteuning van die geloofsgemeenskap tydens die fase van onderhandeling, behoort nie misgekyk te word nie. Die rol wat gebed in die rouproses speel, behoort ook nie misbruik te word nie. Tog is ek van oordeel dat gebed en die onderhandelingfase hand aan hand met mekaar loop. Onderhandeling ís gebed en gebed is die pastorant se versugting na hoop. Tog behoort gebed vir beide pastor en pastorant nie die afwagtende houding sal wees dat God as 't ware sal ingryp nie. Die voorbidding van die geloofsgemeenskap behoort vir die pastorant te beteken dat daar nog 'n "partner" bygekom het wat deel is van die gesprek met God. Sodoende beteken die voorbidding van die geloofsgemeenskap dat hulle in hulle "praat met God", hulle medemens in nood by die gesprek met God wil insluit. Hoe die onderhandelingfase ookal verloop, is nie primêr van belang nie. Onderhandeling dui egter op 'n smagtende soeke na hoop midde-in hooploosheid; na 'n onuitgesproke wens dat die verlies van die verlede sal ontsluit in 'n hoopvolle toekoms.

Na alle waarskynlikheid bestaan daar 'n verband tussen die frekwensie en intensiteit waarmee mense in nood hulle rousmart beleef, en die onderhandelings-"belofte" wat teenoor God gemaak word. Dit is noodsaaklik dat die pastor bewus sal wees van dit wat die pastorant in hulle onderhandeling aan God belowe het, ten einde toekomstige skuldgevoelens en moontlike patologie te vermy en sodoende die pastorant emansipatories te begelei tot werklike hoop in Jesus Christus.

**e) Fase van depressie**

Mense wat hulleself in die rousmart van verlies bevind, is terdeë bewus van die verlies wat reeds plaasgevind het, of op hande is om te gebeur (kyk Zisook & Schuchter 2001:782). Soos in die geval met die ander fases van rousmart, is die depressiewe fase eweneens diep emosioneel belaai. Kübler-Ross (1981:77) meen dat hierdie fase dikwels 'n uitdrukking is van " ... our own needs, our own inability to tolerate a long face over an extended period of time". Derhalwe is sy

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

van mening dat hierdie vorm van verwerking van die rousmartemosies selde suksesvol is, omdat dit in teenstelling met die werklikheid staan. Gedurende hierdie fase manifesteer die pastorante se emosies op 'n *bewustelike* "ek"-*vlak*. Hulle besef dat die tyd gekom het om bande los te maak. Wanneer die onvermydelike verlies nie langer ontken kan word nie en die verlies as werklikheid beleef word, lei dit dikwels tot depressie. Van die kenmerkende simptome van die fase van depressie, is 'n *verlies of toename aan eetlus, 'n versteurde slaappatroon, 'n angsneurose en 'n gevoel van geagiteerdheid, afwykende seksuele patrone, woede uitbarstings en isolasie*. Begrip en empatie is die wagwoord vir beide pastor en familie om mense in nood te begelei en te bemagtig om sinvol en met hoop voort te leef, midde-in en ten spyte van die verlies.

Aangesien ek van oordeel is dat die fase van depressie as 't ware *'n proses midde-in die groter proses* van rou is en dat die moontlikheid vir patologiese rou hier baie sterk is, word daar in hoofstuk 2.4.4 uitvoerig aandag gegee aan die depressie van rousmart.

**f) Fase van aanvaarding**

Die pastorant wat verlies gely het, wil weer 'n gevoel beleef van *in beheer wees*, aangesien die intensiteit van die verlies hom of haar sonder beheer laat voel het. Die aanvaardingsfase kan verstaan word as die moment waarin die heil in Jesus Christus vir die Christengelowige beteken dat hy of sy in die teenwoordigheid van God leef. Paulus kon ten spyte van sy gevangenskap in die tronk in Efese sê: "Wees bly! ... Die Here is naby [teenwoordig]" (Fil 4:4b & 5b). Dit is die oomblik waarin daar "vrede gemaak" is met alles en almal en waarin die pastorant met die vooruitsigte leef van 'n beter toekoms midde-in die verlies wat gely is. Die aanvaardingsfase is baie moeilik te onderskei in die rouproses (kyk Louw 1997:464; vgl Swinburne 1998:224; Kübler-Ross 1969:89). Aanvaarding gebeur vir die pastorant ten spyte van die verlies wat belewe is wanneer hy of sy weer opnuut bemagtig voel om sinvol en hoopvol te kan voortlewe.

Aanvaarding beteken dat die emosies ten opsigte van die verlies in terme van intensiteit of frekwensie afgeneem het. Aanvaarding impliseer dat die pastorant weer in beheer is van sy of haar onderskeie emosies en weer kans sien om nuwe uitdagings aan te pak, ten spyte van die verlies. Vir die doeleindes van hierdie studie sou dit die oogmerk wees waarheen die pastor en pastorant beweeg. Aanvaarding kan vir die Christengelowige uitgedruk word as die hoopvolle heil deurdat Jesus Christus self in die lewe van die pastorant kom saamstap het, midde-in en ten spyte van verlies.

Freeman en Ward (1998:218-222), wat self met 'n fase-indeling van die rouproses te werk gaan, poog om dit anders as die tradisionele indeling van die rousmartfases van Kübler-Ross (1969) te doen. Ek is egter nie van oortuiging dat hulle iets nuuts sê nie. Freeman & Ward (1998:220) se bydrae tot die verwerking van die rouproses is dat hulle *tien ervarings of emosies* van rousmart onderskei, te wete: *skok, emosionele bevryding, depressie, fisiese simptome van nood, angs, vyandigheid, skuld, vrees, genesing deur herinneringe en aanvaarding*. Volgens hulle kan die rouproses nie afgehandel wees alvorens die pastorant nie eers al tien hierdie emosies beleef het nie. Dit maak na my mening van die rouproses 'n harde en rigiede gebeure. Hoewel elk van genoemde emosies van rousmart wel tydens die rouproses te bespeur is, is dit na my mening veels te gewaagd om die aantal emosies wat beleef mag word, kwantitatief af te grens. Eweneens oordeel ek dat die tydsduur van twee jaar wat Freeman & Ward aan die afhandeling van die rouproses toeken, te geforseerd en resepmatig gebeur. So 'n aanname het die implikasie dat die momentele verloop van die rouproses vernietig sou word, aangesien dit wil aandui dat daar geen ander emosies in die rouproses teenwoordig is nie.

Daar behoort egter gewaak te word teen 'n streng fase-indeling, aangesien die verlies wat gely is en verloop van die rouproses in elke geval uniek is. Tog is dit goed om ook kennis te neem van die indeling wat Freeman & Ward ten opsigte van die rouproses gemaak het, aangesien die emosies wat deur hulle genoem

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

word, beide pastor en pastorant bewus maak van die intense ervaring van pyn wat verlies meebring. Freeman & Ward noem die fases van die rouproses soos volg:

- *Fase een* word gekenmerk deur 'n emosionele afgestomptheid en 'n aanvanklike ongeloof dat die verlies werklik plaasgevind het. Hierdie moment kan duur vanaf 'n paar ure tot 'n week en word onderbreek deur erge emosionele uitbarstings.

- *Fase twee* dui daarop dat mense hunker en terugverlang na die persoon of saak wat hulle verloor het. Mense in rou is rusteloos, afgetrokke, na binne gekeer met gedagtes oor die verlies en interpreteer gebeure, soos byvoorbeeld 'n telefoon wat lui, of 'n deur wat oopgaan, soms asof dit die oorledene sou wees wat besluit het om terug te kom. Huilbuie en roepe na die mense met die hoop dat hulle sal opdaag is ook algemeen bekend. Mense in rou mag selfs nie eens bewus wees daarvan dat hulle sulke emosionele belewenisse ervaar nie.

- *Fase drie* is 'n ervaring van disoriëntasie en wanhoop. Mense in rou begin wonder of enige deel van hulle lewe nog betekenis het, aangesien hulle die belewenis het van rigtingloosheid. Mense beleef 'n onvermoë om gedurende hierdie fase enigsins konstruktief te beplan en waar hulle wel poog om te beplan, vind hulle hulself ontoereikend om daaraan uitvoering te gee. Hulle ervaar 'n gevoel van sinloosheid en hooploosheid.

- *Fase vier* is tydperk van herorganisering. Mense in rou besef dat die lewe moet aangaan, al het daar veranderings en verlies plaasgevind. Gedagtes aan die verlies begin 'n ander dimensie vertoon. Selfs in terme van sosiale verhoudings en verantwoordelikhede, kom daar

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

bepaalde aanpassings, ten einde 'n wêreld te skep sonder die persoon of saak wat hulle verloor het.

Die pastor behoort in gedagte te hou dat die pastorant dikwels geneig is om tydens die rouproses te regresseer. Daar behoort begrip te wees wanneer die emosionele bewegings van die pastorant dikwels eerder agteruit is, in plaas daarvan dat daar 'n progressiewe beweging van groei, hoopvolle verwerking en bemagtiging van die emosies gebeur. Regressie is by tye juis deel van die rouproses. Alhoewel regressie nie patologiese rou uitsluit nie, beteken dit ook nie dat elke vorm van regressie op patologiese rou dui nie. Om weer hoopvol in die toekoms bemagtig te word, sou die pastorant in die doodloopstraat van hooploosheid, weer eens die belewenis moet hê dat daar vorentoe in die toekoms ingegryp kan word, omdat 'n hoopvolle toekoms saam met Jesus Christus, beter is as dít wat was. Hoe ondenkbaar dit ookal vir die pastorant mag klink, sou hy of sy sekerlik by die punt kon uitkom om te sê: "Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus ... [E]k maak my los van wat agter is en ek strek my uit na wat voor is" (Fil 3:7 & 13).

### 2.4.3 Emosies van rousmart

In die bewuswording van die pendulumswaai tussen angs (negatief) en vertroue (positief), leegheid en hoop, verlies en wins, is dit noodsaaklik dat die emosies van rousmart, en let wel nie fases of momente nie, duidelik omskryf word. Dit is belangrik om daarop te let, soos reeds gesê, dat dié een wat telkens in die middelpunt van die emosies staan, die *ek* is. Die rol en die prominente plek wat die *eie ek* in verlies speel, behoort oorbrug te word en te bowe gekom word, voordat Godsbeelde vir mense in rou betekenisvol ingeklee kan word. Die rousmartemosies van verlies, wat ook *angsemosies* genoem kan word (kyk Van den Berg in Ligtenberg [ed] 1995:14) kan beskryf word as:

**a) Verlatenheid of om verlate te wees** (ek is in die steek gelaat)

Die *ek* word gekenmerk deur die gebrokenheid en onvermoeë om 'n sinvolle antwoord midde-in verlies te formuleer. Waar die *ek* nog steeds beheer uitoefen, sal die toekomsverhaal van hoop midde-in rousmart verduister bly. Mense midde-in verlies het dikwels geen begrip van waarom die verlies gely is nie. Hulle voel verloën en in die ruggesteek. Hierdie gevoel van verlatenheid is soos 'n muur wat hulle omring en waarin daar 'n totale onvermoë beleef word om bo die omstandighede uit te styg en hoop te ervaar. Psalm 22 omskryf hierdie emosie as 'n *aanhoudende geroep* dag en nag, sonder om 'n antwoord te kry. Hierdie emosie ontlont die gevoel dat mense midde-in verlies, van God en mens verlate voel.

Die pastor is meegaande betrokke om die pastorant te begelei om nuwe betekenis te vind in hy of sy beeld van die "ek is ... ". Die ervaring van *verlatenheid* dui dikwels op 'n ingekeerdheid op die self. Daarteenoor kan die ver-beeld-ing van God, die "Ek is ... ", 'n belewenis van *teenwoordigheid* vir die pastorant weerspieël. Dit is midde-in verlies, midde-in die noodkrete van duisternis, onsekerheid, nood en dood waarin mense hulle weg saam met God behoort te vind, ten einde sinvol te lewe en te sterwe. Mense soek na identiteit, hulle wil weet wie "ek" is. Die roetekaart in die "ek is"-ontdekking is nie voor die handliggend nie. Die soeke na identiteit midde-in verlies, is nodig dat mense kan weg fokus van die verhaal van die eie ek, ten einde God se verhaal in mensetaal te hoor. Mense se storie van verlies behoort vertel te word teen God se Eintlike Storie van verlies aan die kruis. Sodoende word hoop 'n realiteit waaruit mense nou reeds kan lewe, ten spyte van die verlies wat gely is. Net Jesus Christus kan sê: "Ek is ... ", en niemand anders nie. In elkeen van die "Ek is ... " uitsprake van Jesus Christus, soos wat die evangelis Johannes daaraan aandag gee, word die ryke verhaal, die storie van Jesus se openbare bediening, vir mense en ter wille van mense, verdiskonteer. Jesus Christus wil met hierdie uitsprake nie alleen sê *wie* God is nie, maar ook *wat* God in die nood van mense doen. Jesus Christus se taak en missie na die wêreld, was om teenwoordig

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

tussen mense te kom staan en aan hooplose mense, wat in die lewe blootgestel word aan nood, verlies en trauma, nuwe hoop te bring.

Elke metafoor aangaande God, elke wyse waarop die on-sê-bare sê-baar gemaak word, is mense se pogings om iets van die God-mensverhouding te sê. Wanneer Jesus Christus volgens Johannes die uitspraak maak dat: "[E]k het gekom sodat hulle die *lewe* kan hê *en dit in oorvloed"* (Joh 10:10), is daar nie meer van beeldspraak en metafore sprake nie. Metafore word deur die teenwoordigheid van God opgehef (Groenewald 1980:238-239). In teenstelling met die oogmerke van 'n dief wat na eie belang soek en "steel en slag en uitroei", het Jesus Christus in die lewe van Christengelowiges gekom om lewe en oorvloed te bring. In die hande van 'n dief kan skape nie versorg word of met hoop lewe nie – selfs nie eers op die behoud van sy of haar lewe nie. Waar God in en deur Jesus Christus teenwoordig is, daar kan mense werklik en hoopvol "lewe". Waar God in en deur Jesus Christus teenwoordig is, daar het die lewe vir mense in oorvloed begin (vgl Joh 15:11; 20:31), omdat daar in die teenwoordigheid van God in oorvloed "genade op genade ontvang (Joh 1:16). Dit maak van Jesus Christus soveel meer as bloot net 'n model of navolgenswaardige voorbeeld.

Jesus Christus is die werklike sê-baar-making van God self wat die ware lewe vir elkeen in nood en verlies gee, deur Immanuel te wees. Die pastor en pastorant behoort saam te soek na wyses waarop God ver-beeld kan word, sodat die pastorant uiteindelik die ervaring van geborgenheid midde-in verlies te kan hê. Daarom kan die ver-beeld-ing van God simplisties en eensydig gedoen kan word nie. Tog meen ek dat die *familie-metafoor*, met spesifieke verwysing na God as Moeder, hier van groot betekenis sou kon wees vir mense wat na geborgenheid en sekuriteit midde-in verlies soek. Psalm 131:2 lees: "Ek het rus en tevredenheid gevind. Soos 'n kindjie wat by sy [haar] moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind". Hierdie geborgenheid, lê ingebed in die hoop wat God gee in hooplose omstandighede (Ps 131:3).

**b) Nietigheid of om nietig te wees** (ek beteken niks)

Van Tilborg (1988:883) meen dat: "What is described in the Psalm [Psalm 22] happens in the life and death of of Jesus. To approach Jesus' passion more closely, Matthew used poetic language: words on words on words". Omdat die kontekste van Psalm 22 en dié van Matteus 27:46 verskil, beteken dit dat die inhoud daarvan ook verskil, al word dieselde woorde gebruik. Van Tilborg gebruik die Matteusteks om vanuit die spesifieke konteks aan te dui hoedat mense onder regeringsgeweld kan ly. Volgens Van Tilborg (1988:906) is Psalm 22 die literêre motief waardeur Matteus vorm wil verleen aan " ... the myth of the passion story".

Soos die digter van Psalm 22 verskeie emosies ervaar het, só wil Matteus analogies aandui dat Jesus Christus self verskeie emosies aan die kruis belewe het. Ook tydens verlies vandag is dit nie vreemd dat mense self die belewenis mag hê dat God hulle verlaat het en dat hulle niks beteken nie. Gisela de Villiers kommunikeer in haar beryming van Gesang 518 in die Liedboek van die kerk (2001) 'n aantal van hierdie emosies. In Psalm 22:7 worstel Dawid met die gedagte: "Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie". Die gevoel van nietigheid en nutteloosheid is 'n emosie waardeur mense totaal en al geneutraliseer kan word. Leegheid, 'n gevoel om totaal afgesny en geïsoleer te wees en terselfdertyd ook doelloos te bestaan, is emosies wat mense se diepste menswees skud. Nietigheid en leegheid is emosies wat aansluit by eersgenoemde emosie van verlatenheid, maar wat tog meer intens en anders beleef word.

Weliswaar sou die gevoel van nietigheid en betekenisloosheid as 'n kollektiewe emosie verstaan kan word. Dit is 'n kombinasie van emosies wat in verskillende grade van frekwensie en intensiteit beleef word, wat uiteindelik mense se totale menswees lam lê. Vroeër is daar melding gemaak van depressie as sindroom (Depressie met 'n "D"). Daar is reeds daarop gewys dat Zisook en Schuchter (2001:783) van mening is dat depressie as sindroom, geken word aan 'n verskeidenheid van simptome en emosies. Weer eens dui hierdie emosie op 'n

selfgesentreerdheid en 'n na binne-gekeerde "eie ek", wat bewustelik gekommunikeer word, ten einde deur die teenwoordigheid God in Jesus Christus, bevryding kan ervaar en verryk kan word met hoop.

Die pastor en die pastorant behoort só ver-beeld-end met die die kruis van Jesus Christus om te gaan, dat die pastorant in sy of haar eie belewenis van nietigheid, vir Jesus Christus, as weerloos en menslik gesproke, betekenisloos aan die kruis sien hang. Terwyl daar met Jesus die spot gedryf is en daar 'n onderlinge twis ontstaan het oor die verdeling van Jesus se kleed, terwyl die spottende bordjie bokant Jesus se kop gehang is en Jesus die pers mantel van 'n priester moes aantrek, het Jesus volgens die evangelis Lukas gesê: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Luk 23:34).

Louw (1997b:19) is van mening dat Jesus Christus se woorde volgens Johannes in Johannes 15 besondere betekenis vir die pastorant in rousmart dra, deurdat Jesus Christus in hierdie Skrifgedeelte ver-beeld word as Vriend, Bondgenoot en Vertroueling. Hy sê voorts dat die teenwoordigheid van God ervaar kan word as 'n bondgenootskap. Dit is na my mening 'n noodsaaklike verbondenheid waardeur mense se storie van nietigheid, nuwe betekenis kry in die Storie van die Gekruisigde, wat as nietige mens tussen mense, saam met mense en ter wille van mense lyding ervaar het. Deur die ver-*bond*-enheid met Jesus Christus, met ander woorde deur hierdie besondere *band* van Vriendskap (Joh 15), kan mense hoopvolle stories vertel, omdat dié Een wat 'n totale lewe aan die kruis moes aflê, dit uit liefde vir vriende gedoen het. In mense se nietigheid, kom God se trou tot uitdrukking in die verbondsformule: "Ek sal vir jou 'n God wees" (Gen 17).

Vriendskap met God in rousmart dui op God se teenwoordigheid in tye van nietigheid en nood. Die gerigtheid van 'n Vriend tot 'n vriend of vriendin, dui op 'n besondere verhouding van bondgenootskap en vertroue tot mekaar. Wanneer Jesus volgens die evangelis in Johannes 15 sê: "Niemand het groter liefde as dit

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

nie: Dat hy [sy] sy [haar] lewe vir sy [haar] vriende aflê" en " ... Ek noem julle my vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het," kan mense met hierdie openheid en onbaatsugtige, onselfsugtige opofferende liefde weer hoopvol leef.

So 'n verbondsverhouding beteken vir die rouproses dat daar vir mense in nood 'n skouer is om op te leun. Jesus Christus se vriendskap in nood, as bereidheid om 'n lewe af te lê, beteken dat God se daar-wees, toegesê word aan mense in hulle nood en verlies. Hierdie metafoor is God se "ja" en daar-wees vir Christengelowiges in rousmart. Louw (1997b:19) sê tereg: "Hy is 'n Vriend, dwarsdeur die dood". 'n Mens kan nie anders as om te sê dat die Vriendskapsmetafoor een van die mees bevrydende metafore is nie. Die relasionele waarde daarvan is dat dit metafories die on-sê-bare, die maklikste gesê kry. Vir die rouproses skep hierdie metafoor 'n veilige hawe. Dit skep geborgenheid en veiligheid, waar mense met verlies steeds hulleself kan wees ten spyte van verlies.

Die Vriendskapsmetafoor impliseer *verbond, ver-bond-enheid, ver-bind-tenis, ver-bind-ing, binding* - 'n binding van vertroue en verbintenis ten spyte van 'n gevoel van nietigheid. Dit strek oor die grense van geslag, ras, klasse, nasionaliteit, ouderdom en geloof. Die Vriend-metafoor is 'n hoop-metafoor; dit is 'n God-met-ons-metafoor. Dit is 'n metafoor wat God radikaal immanent teenwoordig maak as Vriend en Mede-lyer wanneer mense ly.

Naas die Vriend-metafoor, sal die metafoor van Jesus Christus, die beeld van God as Geliefde eweneens 'n belangrike rol speel wanneer die pastorant die emosie van nietigheid en nutteloosheid belewe. Hierdie metafoor ver-beeld God as teenwoordig by mense en medelydend met elkeen wat ly.

c) **Benoudheid of om vasgevang te wees** (ek is alleen)

Soos die geval met die vorige emosies van rousmart, word hier nou aangesluit by die wyse waarop Jesus Christus self emosies midde-in lyding beleef het. Mense se lyding is nooit 'n nabootsing van die lyding van Jesus Christus nie. Die lyding van Jesus Christus is die *analoog*, die metaforiek van God se teenwoordigheid by mense waarvolgens mense hulle eie rousmart behoort te verwerk en nie 'n nabootsing om soos Jesus Christus te ly nie. Veel eerder wil die emosies wat Jesus Christus gehad het, wat in elk geval in terme van intensiteit, soveel meer was as wat mense ooit kan dink om te ly, vir mense die karakter van hoop midde-in hooploosheid en hoop teen alle hoop in, dra.

Die digter van Psalm 22 roep in nood uit: "My God, my God, waarom het U my verlaat ... "? Wanneer Jesus dieselfde woorde aan die kruis uitroep, dan dra dit 'n ander betekenis en dimensie. As totale versinne-beeld-ing van mense, word God as 't ware van God self verlaat, en dít ter wille daarvan om by mense teenwoordig te wees. Die sweet, wat soos bloeddruppels op Jesus se gesig in Getsemané uitgeslaan het, word op die spits gedryf as dit nie meer sweet is nie, maar bloed self is wat vloei en wat stukkende mense heelmaak. In die ellende, verlatenheid en alleenheid van mense, wat die lewe om hulle laat donker word het, leer mense Iemand wie se verlatenheid kosmiese afmetings gehad het toe dit vir drie ure lank donker was.

Die pastor en pastorant kan hier saam skeefgetrekte lyne herstel. Die emosie van verlatenheid, skep dikwels by mense die gevoel dat God 'n harde en veroordelende God is wat die liefde vir mense prys gegee het en wat daarop uit is om te straf. Mense mag die belewenis hê dat God 'n Regter is, wat straf vir iets wat verkeerd gedoen is. Om God as Koning en Regter (Monargiese Metafoor) te ver-beeld, sou egter nie verkeerd wees nie. Dit is in lyding waar mense God as regverdige Regter leer ken. As Regter oordeel God en ly God oor die gebreekte wêreld en straf God die gebrokenhede van die wêreld in en deur Jesus Christus, sodat God self as Koning daaroor regeer. Die Regter wat

oordeel, regeer as Koning oor dood en graf, oor lyding, nood en verlies en oor elke rousmartsituasie. Die verwagting sou wees dat die Regtermetafoor die klem op God se oordeel en straf laat lê, maar soos wat elke metafoor die on-sê-bare in groot liefde en genade wil sê, sou die Monargiese metafoor veel meer betekenis dra, as dit klem lê op God se vryspraak in Jesus Christus. "Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo" (1 Joh 5:13).

### 2.4.4 Vooronderstellings aangaande "*rouwerk*"

Sigmund Freud het in *Mourning and Melancholia* (1957:154) die konsep tuisgebring dat die rouproses as "*rouwerk*" deurgewerk moet word, alvorens daar tot aanvaarding gekom kan word. Daarmee wou hy hê dat elke onderdrukte emosie, herinnering en hoop wat mense in rou ten opsigte van die " ... non-existent-object" koester en wat die sogenaamde *libido* onderdruk, onder woorde gebring en deurgewerk behoort te word. Hy was van mening dat elke negatiewe herinnering, gedagte en emosie nuwe betekenis kon kry wanneer dit deurgepraat en deurgewerk word. Hoe meer daar oor die verlies gepraat word, hoe groter is die kans op verwerking van die verlies en die aanvaarding daarvan.

Corr, Nabe en Corr (1994:199), wat navolgers van die Freudiaanse skool is, is van oordeel dat die pastor mense sal begelei om die noodsaaklikheid te besef dat hulle nodig het " ... to express their responses to a loss or death". Rouwerk behoort volgens hulle *vrylik* deurgewerk en afgehandel te word. Hoe meer ruimte en tyd daar in nood en verlies gegun word om *vrylik* oor die verlies en die omstandighede daaromheen te praat, hoe gouer, meen hulle, kan die verlies verwerk word. *Verbalisering* is die skarnierpunt van die rouproses. Waar die verlies nie onder woorde gebring word nie, meen hulle, kan daar ook nie vrede gemaak word met die verliessituasie nie. Dit het 'n teorie laat ontstaan wat baie lank die aanvaarbare terapie vir rouwerk was. Freud was van mening dat indien daar nie *vrylik* en *openlik* oor die verlies gerou word nie en daar met die *rouwerk* nie behoorlik deur die emosionele pyn gewerk is nie, sou mense in rou

noodwendig verval in uitgestelde of patologiese rou. *Rouwerk* het beteken dat die verlies oor en oor geverbaliseer behoort te word, omdat heling nie moontlik sou kon wees as daar nie oor gepraat is nie. Gevolglik meen Bonanno (2001:800) dat indien " ... the emotional pain of a loss is not confronted, it will necessarily emerge in the form of delayed psychological difficulties or delayed health problems". Die implikasie hiervan sou wees dat indien die *rouwerk* nie telkens nuut en innoverend met elke situasie van rousmart omgaan nie, patologiese rou onafwendbaar sou wees. Geen vorm van rousmartverwerking kan 'n duplisering van 'n ander wees nie, aangesien elke mens se belewenis van verlies gely, anders daar uitsien. Daarmee word nie gepoog om rouwerk as verkeerd af te maak asof daar geen sukses met hierdie teorie bereik is nie. Dit beteken ook nie dat die terapeutiese proses van rouwerk vir vandag uitgedien is nie. Ten opsigte van die rouwerk van Freud (1957) en die huidige narratiewe metode wat in die Praktiese Teologie bestaan (vgl Müller 1996; 2000), word 'n aantal ooreenkomste gevind. Die tradisionele rouwerk word egter nie op dieselde wyse aangepak as die narratiewe metode nie.

*Rouwerk,* wat vanuit 'n moderne paradigma ontstaan, word gekenmerk deur die vrylikheid en willekeur in die oorvertel van die storie, sonder die hulp van bepaalde tegnieke. Hoe meer daar in rouwerk oor die verlies gepraat word, hoe nader word daar beweeg aan die aanvaarding van die verlies. Alhoewel narratiewe metodes van verryking en betrokkenheid in dié sin met rouwerk ooreen kom, deurdat dit beide 'n verhaal van verlies vertel wat soekend is na hoop, is die narratiewe metode 'n produk van die post-moderne era. Derhalwe sou "rouwerk" vir die doeleindes van hierdie studie ook nie werk nie, aangesien dit met 'n moderne spiritualiteit werk, waarin hoop nog eskatologies en in die toekoms verwag word. Die spiritualiteit van narratiewe metodes is postmodern en wil deur die teenwoordigheid van God mense daartoe begelei dat hulle hoop as "geleefde hoop" hier-en-nou reeds mag belewe. Sodoende sal gebed, as mense se storie vol nood, ook nie 'n sugtende verlange wees waarin daar gewag sal word op God se "antwoord" nie. Gebed behoort die pastor, pastorant en

geloofs-gemeenskap se gesamentlike gesprek met God te wees, waarin elkeen deel het aan die gesprek. Die verhaal van verlies wat by die pastorant gehoor is, is niks anders as 'n bedekte "suksesverhaal" wat saam deur die pastor en pastorant soekend ver-beeld word, sodat die *storie van verlies* as 'n *storie van hoop* vertel kan word. Die rol van die pastor wat met die narratiewe van verryking en betrokkenheid omgaan, is baie beskeie. Derhalwe behoort die pastor nie die vryheid waarmee die pastorant die verledeverhaal vertel, in te perk nie.

Daar bestaan duidelike klemverskille tussen rouwerk en narratiewe metodes as pastorale "model". Dit blyk dat die verskille tussen die sogenaamde rouwerk van Freud en andere hierbo genoem en die narratiewe metode wat tans steun in die Praktiese Teologie geniet, nie gesoek behoort te word in die daarstel van bepaalde tegnieke nie. Verskille sal eerder gesoek word in die *doel* wat beide benaderings in oogmerk het met die vertel van die verhaal van verlies. Vir Freedman & Combs (1996:87-118) is die doel van die narratiewe metode niks minder as om te soek na die *lewe self* wat deur mense geleef word nie. Müller (2000:10) sluit aan by Freedman & Combs wanneer hy stel dat: "[D]ie verhalende benadering het ontdek dat mense nie net vir interessantheid of vermaaklikheid stories vertel nie, maar dat die grein van die lewe deur verhale blootgelê word".

### 2.4.5 Depressie van rousmart

Depressie is hierbo aangedui as een van die fases van rousmart. Resente navorsing vanuit Amerika toon aan dat die neiging tans is om eerder te praat van die *depressie van rousmart,* as om dit as 'n fase van rousmart te identifiseer. Voorts word daar ook onderskei tussen *depressie as simptoom* (hoofstuk 2.4.6.1) en *depressie as sindroom* (hoofstuk 2.4.6.2). Zisook & Shuchter beklemtoon die feit dat daar min empiriese navorsing oor die depressie van rousmart in Amerika bestaan. Derhalwe ag hulle dit hulle verantwoordelikheid om aan beraders en sielkundiges uit te wys dat wanneer hulle met verlies te make het. Met " ... the

death of a loved one ... " (Zisook & Shuchter 2001:782), beweer hulle, kry 'n mens tegelykertyd te doen met *depressie*, sowel as *rousmart*. In die debat wat tans aan die gang is en waaroor daar nog geen konsensus bereik is nie, word depressie nie as 'n fase van rousmart gesien nie, maar as 'n integrale deel van die rouproses. Om hulle argument te staaf, tref Zisook & Shuchter (2001:782) 'n onderskeid deur te verwys na " ... depression as a symptom sometimes referred to as depression with a small 'd' and depression as a syndrome referred to as depression with a capital 'D'". Hierdie onderskeiding wat Zisook & Shuchter (2001:783) tref, dui aan dat depressie nie net as 'n moment tydens rousmart uiteenval nie, maar regdeur die rouproses aanwesig is. Depressie word na my mening ook in verskillende vlakke van intensiteit en frekwensie belewe.

Die onderskeid wat Zisook & Shuchter tref tussen depressie as simptoom en depressie as sindroom, as geïntegreerde deel van die rouproses, verdien om hieronder vermeld te word. Tog sal ek om twee redes baie versigtig wees om self 'n uitspraak hieroor te maak. Enersyds is die debat oor die *depressie van rousmart* nog nie afgehandel nie en andersyds bestaan daar die gevaar om in die pastoraat te veel aandag aan die depressie van rousmart te gee, ten koste van die ander fases van rousmart. My keuse word hieronder in hoofstuk 2.4.5 breedvoerig bespreek, wanneer ek kies vir *momentele belewenisse* tydens die rouproses, waarin die pastorant van moment na moment onderskeie emosies kan belewe. Hierin is die diepgaande emosies van 'n depressie nie uitgesluit nie.

**a) Depressie as simptoom ("d")**

As simptoom is depressie 'n fundamentele en noodsaaklike aspek van rou. Volgens Clayton (1990:37) word dit gekenmerk deur " ... crying spells, sleep disturbances, low mood, loss of appetite, fatigue, and/or poor memory at some time during the first year of bereavement. In general, somatic symptoms gradually improve, whereas psychological symptoms (e.g., hopelessness) persist". As simptoom hou depressie nie noodwendig gevaar in vir die rouproses nie. Soos reeds hierbo aangedui, manifesteer die pastorant se emosies tydens

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

hierdie fase op 'n *bewustelike, ek-vlak*. Hulle besef dat die tyd aangebreek het om bande los te maak, aangesien hulle nooit weer die persoon of saak wat hulle verloor het, sal terugkry nie.

Wanneer die onvermydelike verlies nie langer ontken kan word nie en as werklikheid beleef word, ontstaan 'n gevoel van leegheid en beroofdheid by die pastorant, wat dikwels tot depressie lei (kyk Clayton 1990:37). Volgens Blanchard, Blanchard & Becker (1976:394-399) het die meeste somatiese depressiesimptome teen die einde van die eerste jaar van rou afgeneem, ten spyte daarvan dat die gevoel van 'n depressiewe gemoed, rusteloosheid, hooploosheid, waardeloosheid en selfs selfmoordgedagtes dikwels nie binne dieselfde tydsraam afneem nie. Freeman & Ward (1998:222; vgl Zisook & Schuchter 2001:785) meen egter dat dit veiliger sal wees om 'n periode van agtien tot vier en twintig maande toe te laat.

Soos reeds aangedui, oordeel ek dat dit nie wenslik is om 'n bepaalde tydsaspek aan die verwerking van die rousmart van verlies te koppel nie. Aangesien mense verlies verskillend beleef, sal die verwerking, bemagtiging en bevryding tot hoop ook verskillend plaasvind. Wat vir die een mens 'n week mag neem om te verwerk, mag vir 'n ander dalk 'n jaar neem. Die verskil in tyd het egter nie noodwendig met patologiese rou (sien hoofstuk 2.4.7) te make nie.

Volgens Zisook en Schuchter (2001:784) is daar 'n aanduiding dat:

> Widows and widowers experience a far greater number of depressive symptoms than do married men and women. Specifically, loneliness, feeling blue, insomnia, diminished interest, thoughts of death or dying, and feeling hopeless about the future are noted by more than one third of all widows and widowers as long as 2 years after their spouse's death.

Om 'n huweliksmaat, 'n kind, 'n ouer, 'n intieme vriend, besittings, 'n werk, sekuriteit of gesondheid te verloor of enige vorm van verlies te ly, is om te rou. Om te rou, is om die diepgaande verlies emosioneel te beleef. Geen mens kan verlies ly, sonder om nie daarmee saam iets van die emosies van rou, te beleef nie. As 'n *simptoom van rou* kan depressie as normaal tydens die rouproses beskou word. Hoewel dit pynlike ervarings mag meebring, sou behandeling in hierdie geval nie noodsaaklik word nie. Trouens, depressie is 'n fundamentele en noodsaaklike aspek van rousmart.

**b) Depressie as sindroom ("D")**

Om depressie as 'n sindroom by die pastorant aan te dui, behoort die pastor kennis te dra van die veelvoud van depressiewe simptome en gedragspatrone wat aanwesig is wees. " [D]epression as a syndrome implies a clustering of symptoms and behaviors ... [T]he depressive syndromes that have achieved the status of 'disorder' in the DSM-IV (American Psychiatric Association [APA], 1994) include major depressive episodes and dysthymia" (Zisook & Schuchter 2001:783). As 'n sindroom behoort depressie beskou te word as 'n klinies verwante disfunksie wat nie sonder multi-professionele hulp en behandeling herstel kan word nie. Zisook en Schuchter onderskei voorts tussen *major depressie* en *minor* of *subsindromale depressie*.

**i) Major depressie**

Die pastor behoort daarop bedag te wees dat major depressie as 'n sindroom roep om behandeling. Major depressie word geïdentifiseer en gediagnoseer wanneer 'n depressiewe gemoedstoestand of 'n gebrek aan belangstelling in normale aktiwiteite teenwoordig is en vir ten minste twee weke lank duur. Major depressie kan selfs twee jaar na afloop van die verlies nog voorkom (kyk Zisook & Schuchter 2001:785). Freeman & Ward (1998:222) verskil van Zisook & Schuchter deurdat hulle van mening is dat die depressie van rousmart 'n normale verskynsel is wat nie behandeling benodig nie, selfs al sou dit jare lank duur. Daarmee maak hulle na my mening 'n te sterk onderskeid tussen depressie as

sodanig en depressie as 'n fase van die rouproses. Daar is reeds hierbo ten opsigte van die mening van Zisook & Schuchter aangedui dat die pastor baie versigtig met die depressie van die pastorant behoort om te gaan. Soos reeds gemeld behoort die manifestering van depressie tydens die rouproses gesien te word as 'n wesenlike deel van die rousmartemosies wat in terme van intensiteit en frekwensie deurgaans tydens rousmart teenwoordig is. Ek is dit eens met Zisook & Schuchter wanneer hulle ten opsigte van major depressie beweer dat: "[T]o fail to treat major depressive episodes is to expose individuals to unnecessarily prolonged suffering, disfunction, and despair. Untreated depression also is likely to prolong the pain and suffering associated with grief" (Zisook & Schuchter 2001:785). Gevolglik is dit dan ook nodig dat, indien major depressie geïdentifiseer word, dit so spoedig moontlik aandag sal geniet.

Dit is anders as wat DSM-IV [APA, 1994] aanbeveel naamlik dat daar 'n wagperiode van twee maande behoort te verstryk alvorens behandeling nodig sou wees. Die doel van wagperiode wat DSM-IV aanbeveel is om te bepaal of daar werklik depressie geïdentifiseer kan word en of die pasiënt self by magte is om die verlies te hanteer. Ek meen dat wanneer behandeling en gevolglike bemagting gedurende die rouproses vertraag word, mense daardeur ontneem word van die reg en ook van die voorreg om sinvol en hoopvol te leef (kyk Cartwright 2001:12; vgl Edwards & Besseling 2001:68) midde-in en ten spyte van lyding.

**ii) Minor of subsindromale depressie**

Minor depressie word, net soos major depressie, aangedui as 'n kliniese toestand wat tydens die rouproses mag manifesteer (kyk Zisook en Shuchter 2001:786). Volgens DSM-IV (APA, 1994) verskil minor depressie van major depressie daarin dat eersgenoemde minder van die simptome van depressie toon as laasgenoemde. Judd in Judd, Paulus, Wells & Rapaport (1996:1412) meen dat om 'n toestand as minor depressie aan te dui, daar ten minste twee simptome vir minstens twee weke teenwoordig behoort te wees. Soos reeds

genoem, oordeel ek dat DSM-IV (APA 1994) se tydskedule nie wenslik is vir die rouproses nie (kyk Safonte-Strumolo 2000:99). Dit is te veel van 'n positivistiese uitgangspunt waar die subjek aan die objek voorskryf hoe, wat, waar en hoe lank die rouproses behoort te duur.

Soms is daar onsekerheid of hierdie momente in die rouproses werklik as minor drepressie gereken kan word en of dit nie eerder blote onafhanklike gemoedsversteurings kan wees nie. Ek meen dat die probleem reeds opgelos is met die keuse van momente in die rouproses. Óf dit dan minor depressie is en óf dit 'n versteuring in die gemoed van die pastorant is, is nie van belang nie. As deel van die momentele gebeure van die rouproses is dit steeds emosies wat die pastorant belewe waarin hy of sy die verhaal van verlies en die soeke na hoop vertel.

Dit is nodig vir die pastor om daarop bedag te wees dat minor depressie as voorloper van major depressie kan dien, hoewel dit nie noodwendig daarop sal volg nie. Ten minste behoort daarvan kennis geneem te word wanneer Zisook en Shuchter (2001:787) dit stel dat: "[W]hether to treat minor and subsyndromal manifestations of depression is debatable, although the data from nonbereaved populations suggests that minor depressive episodes do respond to antidepressant therapy".

### 2.4.6 Momente in die rouproses

Daar is reeds hierbo in hoofstuk 2.4.2 aangedui hoe belangrik die werk was wat Kübler-Ross destyds ten opsigte van die rouproses gedoen het. Die punt waar ek egter krities ten opsigte van haar verskil is ten opsigte daarvan dat sy die rouproses in fases verdeel. Ek meen dat die veronderstelling tog sou wees dat wanneer die rouproses aan die hand van fases ingedeel word, hierdie fases *kronologies* sal verloop en dat die een fase eers afgesluit behoort te word, alvorens daar tot die daaropvolgende fase van rousmart oorgegaan kan. Om die rouproses kategories in fases te verdeel, laat na my mening, die dinamika van

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

die rouproses verlore gaan. Indien daar gepraat word van bepaalde fases, is dit belangrik dat die fases hoogstens van mekaar te onderskei is en nie geskei kan word nie. Derhalwe lewer 'n fase-indeling van die rouproses bepaalde probleme op. Die gevaar bestaan dat waar daar nog aan bogenoemde fase-indeling gesag verleen word, die totale rousmartgebeure in 'n resepmatige program mag verval. Daarteenoor is ek van mening dat die rouproses 'n dinamiese proses behoort te wees.

Met die bespreking van die fases van die rouproses van Kübler-Ross (1969:34-89) hierbo, mag dit die indruk skep van 'n kategoriese indeling van die rousmartbelewenisse.

Ek kies om te praat van die *momente* van die rouproses. Ek stem saam met Kübler-Ross dat daar sekere *elemente* in die rouproses teenwoordig is waarby die pastor nie kan verbygaan sonder om ten minste kennis daarvan te neem nie. Wanneer ek kies om na hierdie elemente te verwys as *momente van die rouproses,* eerder as die fases van die rouproses, sou dit juis wees om te ontsnap aan 'n kategoriese indeling en verloop van die proses. Om te verwys na die momente van rousmart, is om die dinamika en daarmee saam die onvoorspelbaarheid, maar ook die onvoorbereide deurbrake tot die verwerking daarvan, as 'n momentele, 'n oomblik tot oomblik gebeure te beskou. Dit veronderstel dat elke gebeurtenis in die rouproses, van moment na moment en nie as staties of afgemete gebeure geïnterpreteer behoort te word nie. Elke moment in die rouproses wil 'n *beweging*, hetsy positief of negatief, aan die gang sit.

Om van die momente van die rouproses te praat, sou aan die eenkant die *hele proses* aandui as 'n onderskeiding van momentele gebeure, maar aan die ander kant ook verwys na die *oomblik van die gebeurtenis* in die proses self. Hierdie moment van gebeure, as teenwoordige tyd, is die pastorant se storie waarin teruggegryp word na die verlede wat roep na uitkoms, maar ook na die toekoms

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

wat wag op uitkoms. Elke moment in die rouproses vertel 'n verhaal waarin die pastorant in sy of haar soeke na hoop, poog om die los drade van die verliesverhaal bymekaar te maak om die *verlede* en die *toekoms* in die *teenwoordige* aan mekaar te verbind. Die hooploosheid van onverwerkte rou gryp in die moment van rousmart na die hoop midde-in en ten spyte van rou. Die bewustelike moment van rousmart word sodoende die oomblik van uitdaging aan die pastorant. Müller (2000:99) merk op dat: " ... om die bewustheid te hê dat God êrens uit die toekoms na jou toe aan die kom is, dít is om geloof te hê". God se liefdevolle teenwoordigheid is dus nie vir die pastorant iets waarop daar eskatologies gewag hoef te word nie. God wat uit die toekoms oppad na mense toe is, is díe God wat uit die verlede reeds by mense aangekom het en wat saam met God se mense hierdie *aankoms in die hede* vier. God wat oppad is en oppad was, is God wat oppad by mense tuiskom. Om die toekomsstorie in die hede te belewe, is om die verlede as reeds gerekonstrueerd te beleef. Die momentele gebeure van rousmart staan van moment na moment met 'n voet in die verlede en met 'n voet in die toekoms. Waar die verlede en die toekoms in die hooploosheid en die hoop mekaar ontmoet, daar lê die uitdagende moment in die hede vir pastor en pastorant om padlangs met hoop deur God se teenwoordigheid bemagtig te word.

Voorts hou die begrip *momente* ook die voordeel in dat daar nie eers gewag hoef te word dat die pastorant die een emosie of selfs fase van rousmart verwerk het, alvorens daar na die volgende emosie of fase oorgegaan behoort te word nie. Kernmerkend van die rouproses is juis dat daar dikwels *geen struktuur* is waarvolgens gerou word nie en dat die frekwensie, sowel as die intensiteit waarmee die emosies belewe word, van *moment tot moment* van mekaar verskil.

Om te verwys na die momente in die rouproses behoort nie daartoe te lei dat die rouproses in fragmentele niksseggende gebeure uiteenval nie. Inteendeel, die fragmentele niksseggende gebeure van hooploosheid behoort juis deur die onderskeie momente van rousmart ondersteun te word in die soeke na hoop

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

midde-in hooploosheid. Sodoende word die pastorant se storie van verlies 'n storie van hoop waarin die verrassende anders teenwoordigheid van God by mense in nood tydens enige moment in die rouproses belewe kan word. 'n Momentele belewenis van die rousmartemosies verwag God nie eskatologies eers aan die einde van die tyd nie. Mense se pynlike verlieservaring kan tydens enige moment van die rouproses ontsluit word in hoopvolheid, wanneer God vanuit die toekoms lyding apokalipties ophef. Waar God uit die verlede by mense aangekom het en vanuit die toekoms in die moment van mense se tyd by hulle aankom, daar kan mense met "egte" geloof en "vaste" hoop lewe, selfs al verduur hulle die pyn van hulle verlies (kyk Rom 5:1-11).

### 2.4.7 Kroniese of patologiese rou

Resente navorsing op psigologiese terrein dui daarop dat heelwat aandag gegee is aan die pendulumswaai tussen patologiese en "normale" rou. "Although grief is no more a pathology than it is a disease (cf. Engel, 1961), it involves psychological disturbance for a majority and mental disorder for a minority of bereaved people" (Stroebe 2001:859-860).

Dit is nie so eenvoudig om rousmart as patologie te definieer nie. Stroebe (2001:860-861) stel dit dat:

> We identified five different approaches in the classification of disorders: (a) trauma subsumes bereavement, (b) bereavement and trauma are associated with two separate sets of phenomena and/or complications, (c) complications occur at the intersection of bereavement and trauma, (d) pathological grief is a joint category that may prevail following nontraumatic and traumatic bereavement, and (e) pathological grief follows some nontraumatic bereavements (related disorders such as post-traumatic stress disorder [PTSD] following traumatic bereavement). Given these different approaches, it is not

surprising that there is confusion in the literature about the supposed qualitative and or quantitative similarities and differences in reactions to traumas and bereavements.

Die Griekse term πάθος (*pathos*) kan vertaal word met "*lustful passion*", hartstog, sinlikheid, passie, aandoenlikheid, gevoel of begeerte. Patologie sou gereken kon word as 'n verlies of gebrek aan sodanige gevoel of gevoelsmatigheid (kyk Stroebe, Schut & Finkenauer 2000:57-75; vgl Jacobs & Prigerson 2000:481). Wanneer Spiegel (1977:91) oor patologiese rousmart redeneer, kom dit vir hom daarop neer dat patologie ontstaan wanneer alle moontlike pogings tot die verwerking van die eerste drie momente van rousmart binne die tydsbestek van vier tot ses weke misluk. Weer eens is so 'n omskrywing nie waterdig is nie, aangesien die momente van rousmart in die eerste plek nie presies afgebaken kan word nie, en voorts omdat daar nie eers gewag moet word vir die afhandeling van 'n bepaalde moment alvorens daar oorgegaan kan word na die volgende nie. Patologie kan gedurende enige moment van rousmart ontstaan. Dit sal ook nie moontlik wees om vanaf die een moment na die volgende oor te gaan, indien patologie reeds in 'n bepaalde moment van rousmart ontstaan het nie. Heling is afhanklik van hulp van buite (kyk Spiegel 1977:91). Beide pastor en pastorant behoort gerig te wees op *hulp van buite en hulp van Bo*. Bevryding uit hooploosheid sou vir die gelowige pastorant beteken om heelgemaak te wees met die heil van Jesus Christus. Derhalwe is heling en hoop nie 'n kitsoplossing vanuit die pyn van verlies nie. Trouens, die pad na heling kan eweneens 'n pynlike ervaring midde-in die pyn van verlies wees. Hiervan is die bekering van Paulus (Hand 22:11) 'n enkele voorbeeld.

Louw & Edwards (1993:20; vgl Du Toit 1986:30; Meyer *et al* 1988:48) meld in hulle bespreking dat psigoloë in die verlede, verskillende menings gehad het oor wat as patologie gereken behoort te word. Volgens die teorie van Sigmund Freud (1933) kan mense meer van hulle menswees verstaan, wanneer hulle ook

weet dat hulle vanuit 'n onvoltooide verlede kom. In 'n poging om mense se menswees tot vervulling te bring, word die onbewuste en verdringde verlede in 'n verwronge vorm (patologie) na die vlak van die bewuste gebring. Hierdie *verwronge ervarings* van die verlede was vir Freud die struikelblok op weg na werklike hoop midde-in rousmart. Die verwronge ervarings (patologiese rou) behoort deur die pastorant via intradissiplinêre gesprekvoering, bewustelik gestel te word.

Op sy beurt het Carl Gustav Jung (1875-1961), wat menswees in verskillende vlakke van bewus-wees tipeer, gemeen dat patologieë gewortel is in onontginde *argetipes*, wat misken en verklein word in die onbewuste, en wat toenemend aanspraak op die bewuste maak, sodat die onbewuste die bewuste begin bedreig (kyk Du Toit 1986:56-73; vgl Louw 1997:239-240). Patologie sou vir Jung dus neerkom op die nastreef van onrealistiese fiktiewe doelwitte. Sien later meer hieroor in hoofstuk 2.8, wanneer die invloed van die onbewuste op die bewuste breedvoerig bespreek word.

Vir die bekende psigoloog, Skinner (1904) is afwykende gedrag of patologie die gevolg van kondisionering deur die omgewing om negatief te funksioneer (kyk Du Toit 1986:126). Dit sal die noodwendige gevolg hê dat patologie slegs ontlont kan word indien die omgewing verander en die persoon herkondisioneer word. Natuurlik sou dit 'n prakties onhaalbare doelwit wees in die geval van rousmart.

Vir my bestaan die patologie van rousmart daarin dat mense om watter redes ookal voortdurend die verlies wat hulle gely het, ontken. Daardeur poog die pastorant om vir hom of haar 'n eie hoopvolle situasie te skep as gevolg van die pyn wat die verlies meegebring het. Ek stem saam met Zisook & Shuchter (2001:786) wat van mening is dat: "[A] normal and adaptive response to loss, grief should not be patologized". Daarmee probeer hulle nie om patologiese gedrag te minimaliseer of te ignoreer nie. Hulle meen dat patologieë aanleiding

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

kan gee tot ernstige major depressie. Wat ek wel waardevol vind van bogenoemde teorieë, is die insig dat afwykings of patologie die ontwikkeling van menswees strem. Dit sou gevolglik verhoed dat die heil in Jesus Christus vir die pastorant 'n hoopvolle dimensie aanneem. Patologie sal tot gevolg hê dat Christengelowiges nie die heil in Jesus Christus beleef as 'n ervaring of belydenis van God se heling deur God se teenwoordigheid nie. Patologie sluit singewing en hoop uit, omdat die pastorant nie daar God se helende betrokkenheid by mense beleef nie.

Wat duidelik is vanuit die psigologiese teorieë waarna hierbo verwys is, is dat elke vorm van patologie bepaalde *simptome* vertoon. Van die belangrikste simptome van patologiese rou is die verwerping van enige hulp, voortdurende apatie, isolasie en die afbreek van kommunikasie, wanpersepsie ten opsigte van die realiteit, ontkenning, obsessies en kompulsies, beskuldigings en slegte drome (kyk Spiegel 1977:92; vgl Zisook & Shuchter 2001:786; Bonanno 2001:718-719; Stroebe 2001:856). Weens onsuksesvolle pogings wat die pastorant van sy of haar kant aangewend het om die verlies hoopvol te verwerk, kan dit lei tot 'n gevoel van mislukking en 'n daaropvolgende skuldgevoel en gevoel van verwerping. Dit lei op sy beurt weer tot isolasie en die verlies aan sinvolle kommunikasie. Die pastorante kan die belewenis hê dat hulle in die steek gelaat en verwerp is, in sommige gevalle selfs ook deur God. Dit kan die gevoel na vore bring dat God ten doel het om die rousmartsituasie as straf te gebruik. Onbewustelik figureer bepaalde Godsbeelde of persepsies oor God en dit kan lei tot 'n hooplose situasie waar die heil in Jesus Christus nie beleef word nie.

Waar die pastor fyn luister, sal dit vir hom of haar moontlik wees om vas te stel wanneer en hoe die depressiesimptome momenteel in die rouproses manifesteer en of dit as patologies beskou behoort te word al dan nie. Zisook en Schuchter (2001:786) stel dit dat:

> Newly bereaved men and women are at risk for persistent major depressive syndromes ... [T]hus, to the degree that the symptoms are persistent, pervasive, and painful; interfere with function; impede expected grief resolution; and cluster together to form a depression syndrome, the diagnosis of major depression should be made. The time since death of a loved one should not serve to delay the otherwise appropriate diagnosis of a major depressive episode.

Die versigtigheid van Zisook en Schuchter (2001) om patologie te minimaliseer of te ignoreer, behoort eweneens die versigtigheid van die pastor te wees. Die manifestering van patologie wat vir die pastorant kan lei tot 'n momentele belewenis van hooploosheid, is allesbehalwe onbelangrik. Daar sal hieronder in hoofstuk 2.4.7 aangedui word hoedat patologie die pastorant in sy of haar diepste menswees beïnvloed. Die teenwoordigheid van enkele simptome van patologie impliseer nie 'n patologiese rouproses nie. Zisook en Schuchter se onderskeid hierbo dui aan dat waar mense die grens oorgesteek het van normale rou na major depressie, ontstaan daar 'n patologie.

Die pastor behoort versigtig te wees om nie patologie en die pastorant se belewenis van hooploosheid, met mekaar gelyk te stel nie. Hoewel patologie dikwels gepaard gaan met die belewenis van hooploosheid, dui hooploosheid nie noodwendig in die rigting van patologie nie. Daar is reeds hierbo aangedui dat dit nie maklik is om sonder meer *major depressie* te identifiseer nie. Major depressie, as patologie, beteken dat mense 'n onvermoë het om sinvol en hoopvol met hulle lewe aan te gaan, midde-in en ten spyte van die verlies. Dit is wanneer mense se weerstand en hanteringsmeganismes ontoereikend geraak het. Major depressie, as patologie van rousmart is 'n noodkreet om hulp. Dit vra na die ondersteuning van die pastor en die geloofsgemeenskap om die pastorant te begelei om insig in sy of haar emosionele ervarings te kry wat tot patologie gelei het.

Rousmart is die na-buite uitdrukking van emosies wat innerlik beleef word. Hoewel die belewenis daarvan individueel en uniek is, is rousmart nie 'n individuele proses nie. Sosiale bande wat mense met ander het, byvoorbeeld die *gemeenskap van gelowiges*, kan aan mense in rou ondersteuning en versterking bied. Rou buite die *geloofsgemeenskap* is 'n alleen en eensaam pad. Sonder die nodige leiding in lyding bevind die lydende hom- of haarself in 'n *cul de sac*. Hoop word deur die pastor en die geloofsgemeenskap met die pastorant gedeel as God se teenwoordigheid by mense in nood. Mense word bevry van die simptome en moontlike gevolge van patologie wanneer hulle (multi-professioneel) begelei word om insig in die patologie te hê, maar meer as dít: waar 'n geloofsgemeenskap die pastorant biddend voor praat by God, word die pastorant bemagtig om met "egte" geloof en "vaste" hoop weer te kan vertel van nuwe horisonne wat deur patologie verduister geraak het.

### 2.4.8 Faktore van patologiese rou

Waar dit gaan om die afwyking van "*normale menslike ontwikkeling*", sou dit van belang wees dat die pastor interdissiplinêr grondige kennis sal dra van wat patologie is. Kennis aangaande patologie sal 'n hulpmiddel vir die pastor wees om te bepaal in welke mate hy of sy hulp sal kan verleen. In die pastoraat sou die pastor patologie kon verstaan as die hooploosheid van die pastorant as gevolg van die verlies. Indien die pastor van oordeel is dat die patologie op die terrein van die pastoraat lê, kan die pastorant deur interdissiplinêre gesprekvoering begelei word tot hoopvolheid ten spyte van die verlies wat gely is. Dit is belangrik dat die pastor 'n multiprofessionele ingesteldheid ontwikkel.

Patologie ontstaan wanneer 'n mens se verdedigingsmeganismes ontoereikend is om oormatige frustrasie, konflik, trauma, verlies, nood en spanningsdruk te hanteer. Elkeen van die psigologiese teorieë, soos vroeër bespreek, het op die een of die ander wyse gepoog om patologie te verklaar (kyk Louw 1982:544; vgl Du Toit 1984; Bonnano 2001:718-719; Jacobs & Prigerson 2000:480-483).

Wat hier volg, is nie 'n studie van patologiese gedrag nie. Daar word hoogstens gepoog om bepaalde elemente van "*problematiese*" of afwykende gedrag te identifiseer en te omskryf, ten einde 'n roete aan die pastorant uit te wys waarin hy of sy insig in die onderskeie patologieë kan verkry. Patologiese gedrag word hoofsaaklik soos volg aangedui:

**i) Neuroses**

'n Neurose is 'n funksionele psigiese versteuring van 'n relatief minder ernstige aard. Neuroses lei normaalweg nie tot persoonlikheidsdisintegrasie of 'n breuk met die realiteit nie. Die primêre simptoom van 'n neurose is gewoonlik *angs* (kyk Edwards & Besseling 2001:62; vgl Louw 1982:545; Freeman & Ward 1998:720).

Na my mening sou die pastor wat voldoende ingelig is aangaande die onderskeie *neuroses* en die simptome daarvan, meelewend die pastorant kan begelei om bevrydend hierdie patologie te oorwin deurdat insig daarin verkry is, sonder om as 'n *kwasi-sielkundige* beskuldig te word. Sodoende kan die pastorant begelei word om die storie te vertel van nuwe moontlikhede vir nuwe hoop, wat tot nóg toe misgekyk is. In die manifestering van neuroses, is intense psigologiese terapie nie noodwendig nodig nie (kyk Bonnano 2001:719; vgl Lazare 1989:381-397). Die waarde van pastorale begeleiding behoort egter nie onderskat te word nie. Die pastor is saam-soekend met die pastorant op die pad na die goeie hoop waarin die koninkryk van Jesus Christus naby aan mense gekom het en God meelewend saam met mense in hulle nood kom leef het. Die pastor en die geloofsgemeenskap kan hoopvol "gesprek" met God voer, wanneer hulle in gebed die nood en angs van die die pastorant aan God voorbid. Die volgende neuroses word algemeen geïdentifiseer:

- Angsneurose

Dit is 'n toestand van akute spanning, benoudheid, versnelde hartklop en oormatige sweet. Anders as vrees, word angs nie noodwendig aan 'n spesifieke

situasie gekoppel nie, en kan dit ook as meer kronies van aard bestempel word (kyk Edwards & Besseling 2001:63-65; vgl Louw 1982:545). Angs het 'n invloed op mense se fisiologiese, gedrags- en kognitiewe welstand (kyk Davis & Nolen-Hoeksema 2001:726-741; vgl Miller & Jackson 1985:236).

- Fobieë

'n Fobie kan omskryf word as 'n vrees vir iets of iemand wat nie regtig vrees regverdig nie (kyk Zisook & Shuchter 2001:785; vgl Rollman & Reynolds 1999:757-758).

- Obsessies/Kompulsies

'n Obsessie is 'n repeterende en meestal irrasionele gedagte/idee wat 'n individu se gedagtes oorheers en waaroor hy of sy geen bewustelike beheer het nie. 'n Kompulsie daarteenoor, is 'n onweerstaanbare impuls om 'n bepaalde handeling uit te voer, ten spyte van 'n bewustheid van die irrasionaliteit daarvan of die moontlike gevaar daaraan verbonde (kyk Cartwright 2001:12-13; vgl Louw 1982:545).

- Histerie

Die volgende toestande van histerie kan onderskei word (kyk Cartwright 2001:12-13; vgl Louw 1982:546; Edwards & Besseling 2001:63-64):

  - Konversie histerie

    Dit is die verlies van 'n motoriese of sensoriese funksie, sonder enige organiese rede, byvoorbeeld tydelike verlamming, blindheid en/of doofheid.

  - <u>Dissosiatiewe histerie</u>

    Dit is 'n vorm van histerie as gevolg van 'n dissosiasie en versteuring van 'n "bewus-wees-van ... ". Die volgende vorme kan onderskei word :

- *Psigogene amnesie* (gedeeltelike of totale geheueverlies), wat gewoonlik gepaardgaan met 'n "lack of reality".

- *Fuga* dui op 'n lang periode van amnesie.

- *Somnambulisme* dui op die uitvoer van komplekse motoriese handelinge tydens slaap.

Al die bogenoemde neuroses word geïdentifiseer as enkele simptome van depressie. Depressie is 'n meervuldige neurose. Depressie is ook *fisiologies* van aard. Wanneer major depressie by 'n mense vermoed word, word dikwels gebruik gemaak van die sogenaamde *HAMILTON RATING SCALE*, ten einde die vermoede te verifieer. Indien depressie wel bevestig word, kan die pastorant verwys word na 'n mediese dokter. Medikasie is noodsaaklik ten einde die serotonien-wanbalanse te stabiliseer. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat depressie 'n tyd mag neem om te herstel (kyk Elliot, Shewchuk & Richards 2001:223-230; vgl Miller & Jackson 1985:180).

**ii) Psigoses**

Hoewel die hantering van psigoses nie primêr op die terrein van die pastor lê nie, beteken dit nie dat hy of sy nie die een of die ander tyd daarmee gekonfronteer sal word nie. Die pastor behoort instaat te wees om die manifestering van psigoses te herken. 'n Psigose word aangedui as 'n *Major Mental Disorder*, deurdat dit verwys na mense wie se kontak met die realiteit verlore geraak het. 'n Psigose dui op mense wie se "normale funksionering" ernstig belemmer is (kyk Jacobs & Prigerson 2000:481-482; vgl Kendall 1994:100-110; Miller & Jackson 1985:310). Dit is bykans onmoontlik dat psigoses in die rouproses sal ontstaan of dat die belewenis van verlies psigoses kan laat ontstaan. Tog meen ek dat dit nodig is dat beide pastor en pastorant ten minste van die belangrikste simptome van wat psigoses is, kennis behoort te neem. Van die simptome van psigoses is bepaalde vorme van hallusinasies, disoriëntering ten opsigte van tyd, plek en

identiteit, emosionele versteurings en gedragsversteurings. Psigoses word geïdentifiseer as:

- Skisofrenie
- Paranoia
- Psigopatie
- Veelvuldige persoonlikheid
- Tourette se sindroom
- Bipolêre disfunksie
- Seksuele versteurings/-afwykings

(kyk Miller & Jackson 1985:319–323; vgl Louw 1982:547-553; Kendall 1994:100-110; Murphy 2000:591).

Die pastor, sowel as ondersteunende geloofsgenote van die geloofsgemeenskap behoort twee belangrike dinge met mekaar te deel. Dit is :

- God se volle <u>aanvaarding</u> deur Jesus Christus vir mense in nood (HOOP/Sinbelewenis);
- God se <u>waardesisteem</u> vir die skepsels om ten spyte van gebrokenheid deel te wees van Jesus Christus se herskepping (HOOP/Sinbelewenis).

Hierdie ondersteunende rol stel pastorante met major gedragsafwykings in staat om veel eerder deel van 'n gemeenskap, spesifiek van 'n geloofsgemeenskap, te wees as om hulle te reken as 'n randverskynsel van die samelewing en geloofgemeenskap.

Die werk van Vries (1997) en Worden (1991) identifiseer drie kernfaktore in gekompliseerde rou, wat ook bekend staan as kroniese of patologiese rou:

**a) Verhoudingsfaktore**

Die aard van die verhouding wat die agtergeblewenes gehad het met die persoon/saak wat hulle verloor het, speel 'n belangrike rol. Belangriker egter is die *waarde* wat mense in rou aan die verlies koppel. Daar is reeds hierbo in hoofstuk 1.4 aangedui dat die pastorant wat verlies gely het, 'n gevolglike verlies aan hoop ervaar. Ek het dit *dubbele rousmart genoem*, deurdat die pastorant nie alleen die verlies as sodanig beleef nie, maar ook 'n verlies aan hoop midde-in die verlies. Ek oordeel dat die *eie ek* in die rouproses blootgelê behoort te word en dat die bemagtiging en begeleiding tot hoop midde-in verlies die emansipasie van die eie ek wat nog naarstiglik vashou aan die verlies wat gely is, sal bewerkstellig. Waar dít gebeur, sing mense lofliedere, soos wat Attie van der Colf en Elsabé Kloppers in die Liedboek van die kerk Habakuk 3 interpreteer binne 'n Christelike konteks:

> Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie,
> al sou die wingerd sonder druiwe staan;
> die graan verdor, die vrugtebome wegkwyn,
> die beeste, kleinvee alles hier vergaan –
> *nóg sal ek juig en bly wees in my God!*
> Hy is my hulp, Hy gee my krag.
> Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan;
> Hy laat my vas en veilig staan!
>
> (Gesang 516:2001)

Die verhoudingsfaktor is, na my oordeel, nie 'n vraag na die verhouding tot die persoon of saak wat verloor is nie, maar wel 'n vraag na die verhouding tot die "ek" en die wyse waarop die "ek" in die verhouding tot God, tot oorwinning oor die eie ek gelei kan word. Die verhouding waaraan die pastorant moontlik die meeste aandag behoort te gee, is die verhouding tot die "self". Rousmart, mag moontlik 'n narcistiese eie ek ontbloot wat bevry en bemagtig behoort te word om midde-in die verlies en selfs ten spyte van die verlies, steeds oorwinnend oor die

self te kan sê: "Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik, sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees ... Al wat ek wens is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en *deel te hê aan sy lyding* deur aan *Hom gelyk te word in sy dood ...*" (Fil 3:8-10).

**b) Omstandigheidsfaktore**

Omstandigheidsfaktore kan moontlik tot patologiese rou lei. Indien die agtergeblewenes onseker is oor wat tot die verlies van 'n persoon se lewe gelei het, byvoorbeeld selfmoord en onsekerheid of die mense wel werklik dood is (soos in die geval van vermiste kinders of rampslagoffers) kan die rouproses oneindig bemoeilik word. Onsekerheid of daar werklik 'n verlies gely is, bring dikwels vir die pastorant probleme mee in die verwerking van rousmart. Rousmart wat nie afgehandel word nie, kan lei tot patologiese rou.

Alhoewel omstandigheidsfaktore dikwels vir beide pastor en pastorant 'n verleentheid skep, kan dit egter ook dien as 'n geleentheid om nuwe sinvolle omstandighede te skep waarbinne mense in rou, nuwe hoop skep. Die uitdaging midde-in die omstandighede en die bevryding van die omstandighede, lê ingebed in die teenwoordigheid van die God van die omstandighede.

**c) Historiese faktore**

Vorige insidente waar mense 'n negatiewe ervaring ten opsigte van rousmartgebeure gehad het, mag moontlik 'n invloed hê op die wyse waarop rousmart in die toekoms beleef word. Dít wat in die verlede beleef is, sal ook 'n invloed hê op dít wat in die toekoms beleef gaan word. Waar daar nog nie deur vorige verliese gewerk is nie, kan dit maklik daartoe lei dat die pastorant met latere verliese in 'n patologie van rousmart kan verval. 'n Geskiedenis van geestessiektes of disfunksies behoort gedurende die rouproses gemoniteer te word.

### 2.4.9 Kenmerke van patologiese rou

Patologiese rou word herken aan verskeie aspekte (kyk Stroebe 2001:859-860; vgl Van Niekerk:1984:133). Die algemeenste kenmerke kan aangedui word as:

**a) Kroniese roureaksie**

Hierdie kenmerk van patologiese rou impliseer dat die hele rouproses tot stilstand gekom het. Weens bepaalde blokkasies het dit vir mense in rou onmoontlik geword om die emosies van rousmart deur te werk. Die pastor sal genoodsaak wees om die rouproses te "*heraktiveer*". Dit is nodig dat daar deur die routake gewerk sal word en dat die volledige "onthegtings-proses", 'n losmaak van die verlies, sal plaasvind. Waar die eie ek nog aan die verlies wat gely is vashou, ontstaan die gevaar van patologiese rou. Onthegting impliseer 'n emansipatoriese bemagtiging ten einde hoopvol te kan voortlewe midde-in en ten spyte van verlies.

**b) Vertraagde roureaksie**

Wanneer die emosionele reaksies op verlies nie in verhouding staan tot die verlies wat gely is nie, kan vertraagde rousmart ontstaan. Dit staan ook bekend as geïnhibeerde, onderdrukte of uitgestelde rousmart en ontstaan wanneer die emosies van rousmart óf geminimaliseer óf gemaksimaliseer word. Die rol wat die pastor hier sal inneem sou wees om die pastorant te begelei om die pynlike emosies as 'n werklikheid in sy of haar lewe te ervaar. Die belewenis van emosies kan nie ontken of onderdruk word nie. Die pad na heling en herstel, is een waarin die pastorant sal erken dat hy of sy bepaalde emosies belewe, hoe pynlik die ervaring ookal mag wees.

**c) Oordrewe roureaksie**

Dit is gewoonlik nie maklik om 'n oordrewe roureaksie te identifiseer nie. 'n Oordrewe roureaksie sal wees waarin die pastorant ongeïnhibeerd en ongekontroleerd uiting aan sy of haar emosies gee. Die pastor sal begeleidend

hulp verleen aan die pastorant sodat hy of sy sal wegfokus van die seer wat die verlies meegebring het, deur hoopvol te soek na nuwe horisonne.

**d) Verborge roureaksie**

Onderdrukte emosies van rou manifesteer dikwels in terme van intense fisiese pyn. Mense is soms geneig om hierdie pyn te ignoreer en dit wys dan uit in die vorm van onaanvaarbare gedrag deur byvoorbeeld woede of histerie uitbarstings. Jeugmisdaad kan by adolessente dikwels 'n aanduiding van 'n verborge roureaksie wees. In 'n sekere sin dui 'n verborge roureaksie op 'n ontkenning van die intense pyn wat ervaar word weens die verlies. Die pastor behoort die pastorant te begelei om bewus te raak van die pynlike emosies. Wanneer hierdie emosies bewustelik gestel word, stel dit die pastorant instaat om saam met die pastor hoopvol opsoek te wees na sin midde-in verlies.

## 2.5 Rousmart as dinamiese proses

Die vloei van die proses, asook die gevolglike verwerking van rousmart kan verongeluk word as die pastor die verwagting by die pastorant sou skep dat die rouproses lineêr volgens 'n opeenvolgende fase-indeling sou verloop. Elke emosie wat belewe word, staan in diens van die moment van aanvaarding. Die moment van aanvaarding kan verstaan word as die deurbreek van die heil in Jesus Christus. Sodoende kan mense in rou bemagtig word om sinvol en hoopvol te kan voortlewe, midde-in en ten spyte van hulle verlies.

Die dinamika van die gebeure lê daarin dat sekere emosies nie slegs meer beperk word tot sogenaamde fases nie, maar dat enige emosie op verskillende stadia van die rouproses afwisselend kan manifesteer, en natuurlik ook op verskillende vlakke van intensiteit en frekwensie. So gesien is *aanvaarding* as sodanig ook nie bloot 'n doelwit waarna gestreef behoort te word nie, maar uiteindelik niks meer en niks minder nie as 'n daaglikse uitleef van die heil in Jesus Christus wat midde-in rou gerealiseer het.

Die tradisionele teorie van *rouwerk* het dit gestel dat die emosies van die rouproses en die uitdrukking daarvan 'n *imperatief* vir die verwerking van rousmart is. Bonnano (2001:801) gaan selfs verder wanneer hy praat van die *sosiaal-funksionele perspektiewe* van emosies in rousmart as hy beweer dat:


> ... different emotions serve different functions and that the consequences of expressing an emotion depend on the situational context and the temporal interval in which the emotion might be expressed ... [C]onsider sadness and anger, two emotions commonly associated with loss. Sadness is thought to foster reflection, resignation, and acceptance and to evoke sympathy and helping responses in others, whereas anger is assumed to externalize blame, mobilize resources, and help ward off attack. Expressing these emotions for a short period after a loss may be adaptive. However, when expressed persistently, sadness tends to lead to withdrawal, despair, and rejection from others, whereas prolonged expressions of anger can threaten to damage interpersonal relationships and undo social supports.

Ek wil hierdie argument van Bonnano ondersteun. Waar dit by rouwerk gaan om die deurpraat van emosies, as verwerking van verlies, waarsku Bonnano dat rouwerk wat blootgestel word aan willekeur, sonder die nodige begeleiding, tot patologiese rou kan lei. Dit onderstreep die feit dat die rouproses nie 'n simplistiese gebeure is wat in onderskeie fases uiteenval nie. Dit beklemtoon ook die feit dat die emosies van rousmart eweneens nie simplisties en ekwivalent aan mekaar is nie. Die pastor sal in sy of haar empatiese saamleef met mense in rou, rekening moet hou met die feit dat elke emosie 'n eie funksie in die rouproses vervul. Derhalwe behoort daar ook rekening gehou te word dat die gelowige pastorant nie die onderskeie momente van die rouproses 'n buite die heil wat Jesus Christus bewerk het, ervaar nie. Die pastorant se ervaring van die

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

momente skok, ontkenning, woede, depressie en opstand, maak nie dat die heil in Jesus Christus nie 'n werklikheid is nie.

Elke moment in die rouproses staan in diens van die moment van aanvaarding, terwyl die moment van aanvaarding in diens staan van elke ander moment in die rouproses. Mense wat verlies gely het, hoef nie prosesmatig die ervaring van die heil in Jesus Christus af te wag nie. Skematies kan die *momente van rousmart* soos volg voorgestel word:




## 2.6 Routake

Na afloop van 'n verlies is daar bepaalde take wat deurgewerk behoort te word, waardeur die pastorant tot bemagtiging midde-in die rousmart gelei word. Hierdie routake verg inspanning in terme van die fisiese, die emosionele en die geestelike aspekte van menswees. Ongelukkig is dit waar dat mense in rou nie altyd die noodsaaklikheid daarvan besef om uitdrukking te gee aan die intensiteit van hulle gevoelens nie (kyk Freeman & Ward 2000:220-221).

Rousmart is nie passiewe gebeure nie. Dit is 'n aktiewe en dinamiese proses waarin die pastorant op pad is om bevry te word uit die belewenis van hooploosheid. Van Niekerk (1984:117-120) en Freeman & Ward (1998:220-221) identifiseer elkeen dieselfde vier routake:

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

### 2.6.1 Aanvaarding van die werklikheid van verlies

Mense se eerste reaksie na verlies is gewoonlik: "Dit kan nie waar wees nie". Die eerste taak sou wees om die finaliteit van die verlies te aanvaar. Mense in rou behoort hulself te konfronteer met die feit dat die oorledene weg is, dat die verlies 'n feit is en die persoon nooit weer terug sal kom nie. Die pastor moet daarop let dat die verlies nie *gemummifiseer* word nie. Die pastorant sal byvoorbeeld alles onaangeraak laat in die hoop dat die persoon of saak wat hulle verloor het, weer sal "terugkom".

### 2.6.2 Ervaring van die intense pyn van verlies

Om te rou is rou. Verlies bring intense pyn mee, fisies, sowel as psigies. Die pastor kan nie 'n kitsoplossing aanbied wat hierdie pyn versag of wegneem nie. Die pastor behoort die pastorant te begelei om nie emosionele besluite te neem waaroor hulle later spyt sal wees nie. Dit gebeur byvoorbeeld dat mense direk na die afsterwe van 'n huweliksmaat sal besluit om die huis te verkoop en na 'n ander dorp te verhuis. Ander sal byvoorbeeld weer hulle totale lewensstyl en vriendekring verander, om daarmee die indruk te skep dat hulle goed aangepas het na die verliesgebeure. Daar word gepraat van die *tweede dood* wanneer iemand net wou wegkom na die gebeure en wanneer hulle later wel moet terugkeer, en tog met 'n skok ontdek dat hulle verlies 'n realiteit is. Mense behoort aangemoedig te word om hulle emosies teenoor hulleself en die res van die gesin te erken en uiting daaraan te gee. Pyn hoef nie lewenslank ervaar te word nie.

### 2.6.3 Aanpassing na afloop van die verlies

Rou word nooit in 'n vakuum beleef nie. Verlies mag wel moontlik daartoe lei dat die pastorant 'n heel nuwe lewenspatroon sal struktureer ten einde hoopvol by die omstandighede aan te pas. Sou die verlies in die vorm van verlies aan 'n lewensmaat wees, impliseer dit verskeie aanpassings. Waar 'n huweliksmaat die rol vervul het van mede-broodwinner, seksuele maat, kameraad, finansier, mede-beplanner, tuinier, mede-besluitnemer, mede-ouer, geesgenoot en selfs nog

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

meer, mag die pastorant ontdek dat die proses van roloorname nie altyd vloeiend verloop nie. Die wyse waarop die pastorant by die omstandighede aanpas, veroorsaak soms nuwe krisisse. Die aanpasbaarheid van mense word tot die uiterste beproef. Die nuwe situasie impliseer groter verantwoordelikhede.

Mense in rou se eerste reaksie na bewuswording van die verlies, is om te sê: "Ek weet nie hoe ek sonder hom of haar of die saak gaan klaar kom nie". Ek meen dat daar by elke mens 'n bepaalde onvermoë en selfs 'n onwilligheid is om die finaliteit van die verlies te aanvaar. Spiegel (1977:101/106) poneer dat enige vorm van verlies 'n *status transition* teweeg bring, wat tot gevolg het dat: " ... not the world, but the world of being is disturbed ... " .

Verlies en die gevolglike rou laat die vraag ontstaan watter sinvolheid daarin kan wees om self met die lewe aan te gaan. Die één of dít waarvoor daar gelewe was, wat betekenis aan 'n eie bestaan en aktiwiteite gegee het, is nie meer daar nie. As hulp in die verwerking van hierdie onvermoë en onwilligheid om die verlies te aanvaar, hou Spiegel (1977:133) se opmerking hieronder groot waarde vir die pastoraat in:

> ...the loss of a person and the mourning for him is not the experience of that mourner alone, but that there were others before him who overcame this burden and that this wil continue to happen... [R]ather the experience of pain is generalized; it no longer appears to be the individual problem of this person, but makes him a member of the group of people who with the help of the Christian faith and by psychological techniques, have overcome the crisis.

In die verwerking van rousmart, behoort die pastor, sowel geloofsgemeenskap saam met die pastorant op pad te wees deur te soek na nuwe hoop midde-in hooploosheid. Christengelowiges staan binne 'n *gemeenskap van gelowiges* wat

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

empaties die diakoniese funksie van gemeente-wees teenoor hierdie mense wat verlies gely het, behoort uit te leef. Ek oordeel dat Frank Wright (1996:117) reg het as hy ten opsigte van die pastor en die geloofsgemeenskap sê: "[A]ny adequate model of pastoral care, ... must depend on our empathy, our willingness to be vulnerable, to be selfdisclosing, and to share in the helplessness of the other person".

### 2.6.4 Herinvestering in ander verhoudings

Wanneer die rouproses *normaal* verloop, lei dit tot 'n afname in die intensiteit waarop die emosies van rousmart beleef word. Die intensiteit van die emosies neem af en die beeld van die verlies wat gely is, vervaag. Daar kan gepraat word van 'n sogenaamde onthegtingsproses, soos hierbo reeds daarna verwys is. Die onthegtingsproses behoort te gebeur, ten spyte daarvan dat die pastorant daaroor skuldig voel. Die pastor moet nie probeer om hierdie laaste routaak te forseer word nie. Daar behoort daarteen gewaak te word dat die geloofsgemeenskap nie die mense in rou te gou aan nuwe vriende of vriendinne of moontlike huweliksmaats voor te stel nie. Vir die pastorant kan dit as ontrouheid aan die persoon of saak wat hy of sy verloor het, beskou word. Dit kan bepaalde skuldgevoelens wek. Die verlies mag ook nie deur die geloofsgemeenskap geminimaliseer word met woorde soos: "môre sal dit weer beter gaan" of "tyd maak wonde heel" nie. Die pastor, tesame met die geloofsgemeenskap, behoort met groot deernis en empatie die pastorant te begelei om weer in nuwe verhoudings te herinvesteer.

Om die routake sinvol af te handel, is dit noodsaaklik om die ervaring van verlies ook te sien as 'n nuwe konteks met nuwe betekenis. Freeman (2000:221) haal Nietzsche aan wat gesê het: " ... it was not the suffering that was his problem but that the question was wanting to the outcry, Why the suffering?" Die taak van die pastor is om te bepaal waar die mense in rou hulleself in die rouproses bevind ten opsigte van die nuwe betekenis wat hulle aan die verlies verleen, asook die godsdienstige en etiese waardes wat die mense aan hulle verlies en

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

aan hulle lewe voor die verlies verleen het. Voorts sou dit ook vir die pastor nodig wees om vas te stel hoe hierdie genoemde waardes deur die verlies beïnvloed is, met ander woorde wat staan tussen die mense in rou en hulle aanvaarding van die verlies.

Bogenoemde routaak behoort behoorlik aandag te geniet. Indien dit so is dat godsdienstige waardes deur die verlies beïnvloed word, is die uitdaging wat aan die pastor gestel word, groot. Die beeld wat mense in rou ten opsigte van God mag hê, mag moontlik verskil ten opsigte van die beeld wat hulle binne normale omstandighede van God sou hê.

Om met die herinvestering van verhoudinge besig te wees, beteken vir die gelowige pastorant om te belê in een van die belangrikste verhoudings, naamlik 'n geloofsverhouding, 'n vertikale verhouding met God. Die *onthegtingsproses* ten opsigte van die verlies, behoort terselfdertyd 'n *aanhegting* te wees. Die verlies behoort 'n wins word, die verleentheid 'n geleentheid. Soos Jesus self ten opsigte van 'n man wat blindgebore was, gesê het: " ... hy is blind sodat die werk wat God doen in hom gesien sal kan word" (Joh 9:3). Die sigbare verlies wat deur die pastorant beleef word, behoort gestel te word teen die onsigbare God wat sigbaar word waar blindes sien en hooploses weer hoop. Die negatiewe beeld wat die pastorant oor sy of haar verlies mag hê, moet gestel word teen die beeld van God, wat in Jesus Christus verlies oorwin het. Sodoende raak onthegting nie 'n negatiewe en angswekkende proses nie, maar word die *los-maak* aan die verliessituasie gevul met aanhegting aan die nuwe uitdagings wat die teenwoordigheid van Jesus Christus in lyding kan bied. Lyding, via die lyding van Jesus Christus, bemagtig lyers om leiers te word.

## 2.7 Tydsduur van die rouproses

"Time, like the stage of grief, is fluid. People move within the stages quickly, sometimes going back to the the first hours and then jumping well ahead of where they actually are feeling as though they have finally resolving their loss"

(Freeman & Ward 1998:221). Rou geskied nie volgens 'n patroon nie. Geen vaste tydsduur kan daaraan gekoppel word nie. Afhangende van verskeie omstandighede, asook die aard van die verlies en die verhouding waarin die pastorant met die persoon/saak gestaan het, soos reeds in die studie vermeld, kan die afhandeling van die rouproses volgens Freeman & Ward tussen agtien maande en twee jaar duur. Dit is na verloop van tyd dat die pastorant begin ervaar dat sy of haar verlies draaglik begin word. Die pastor mag nooit uit die oog verloor dat die ervaring van verlies 'n uniek-individuele proses is. Mense sal anders op verlies reageer, selfs al was dit dieselfde verlies wat hulle gely het.

Hoewel wetenskaplikes riglyne wil neerlê waarvolgens die emosies van rousmart op gegewe oomblikke kan manifesteer (kyk Freeman & Ward 1998:222-223; vgl Kübler-Ross 1969; Spiegel 1977; Hallewas 1989), kies ek om nie tydmagtig met rousmart besig te wees nie, maar eerder *prosesmagtig*. Dit sou die ruimte daarvoor laat dat, indien die treurende moontlik sou regresseer en terugval na 'n vorige *moment,* daar nie 'n skuldgevoel ontstaan omdat daar 'n vertraging in tyd is nie.

Vir die afhandeling van 'n geslaagde rouproses, waar mense in rou bemagtig word om die wins van hulle verlies in Jesus Christus te beleef, sou dit nodig wees dat die routake, soos hierbo genoem, suksesvol afgehandel word. So verleen elke mens 'n eie tydsduur aan 'n eie unieke en hoogs individuele proses.

Wat ook al die tydsduur van die rouproses sou wees, is dit noodsaaklik dat mense in rou nooit alleen op hierdie pad is nie. Ondersteuning is van die allergrootste belang. Hier behoort die rol van familie, vriende en die breë geloofsgemeenskap nie onderskat te word nie.

## 2.8 Die invloed van die bewuste en onbewuste in rousmart

Wanneer daar in die pastoraat van menslike gedrag en/of menslikheid kennis geneem word, is die pastor genoodsaak om intradissiplinêr met die psigologie

saam te werk. Die menslike "ek" (onties, biologies, fisiologies, psigologies, antropologies en teologies) leef sy of haar bewus-wees uit op die vlak van die *bewuste en onbewuste* wat die proses van geloofsvolwassenheid, singewing en bemagtiging midde-in rousmart en verlies beïnvloed. Mense se *psige* funksioneer deur die menslike "self", terwyl mense se *bewuste* met die "ek" sal opereer (kyk Zijlstra 1989:36). So meen Louw (1997:239) ook dat mense se bewuste menswees afspeel tussen die *ek* en die *self*. Vir Yontef (1976:67) is mense se bewuste 'n " ... form of experiencing... [A]wareness leads to aha ... ". Menslike ervarings behoort bewustelik gestel te word voordat dit as bewustelike ervarings gereken kan word. Hierdie "awareness" wat tot die "aha" lei, is bewustelike gebeure waarin dít wat in die verlede gebeur het, tot die hede opgeroep word en as bewuste in die hede ervaar word. Volle bewustheid is noodsaaklik vir gesonde funksionering (kyk Louw 1997:239-240; vgl Du Toit 1986:191).

Ek sluit aan by bogenoemde menings. Om tussen bewuste en onbewuste te onderskei, impliseer 'n voortdurende pendulumswaai tussen die bewuste en die onbewuste. Die bewuste en die onbewuste staan in verhouding tot mekaar en word deur mekaar beïnvloed. 'n Gesonde funksionering tussen die bewuste en die onbewuste kan vir die rouproses geïnterpreteer word as 'n hoopvolle lewe ten spyte van verlies. Om dit te kan bereik, behoort die menslike bewuste (ek) bewus te wees van 'n dieper onbewuste (self) en behoort daar 'n *wisselwerking* tussen die bewuste en die onbewuste te wees.
Mense is bewus van die dinge wat hulle weet dat hulle nie weet nie (kyk Zijlstra 1989:35). Louw (1997:241) meen hierop: "[D]ie binnekom van materiaal vanuit die onbewuste is nie bedoel om die menslike persoon te laat disintegreer nie, maar om die mens te bring tot kreatiwiteit en realistiese selfinsig". Met ander woorde, *die "ek"* (bewuste), weet van die "*self*" (onbewuste), selfs al kan die ek nie bewys lewer van die self nie. Dit gaan oor mense se vermoë om te kan ken, oor die denke, gevoel en sintuiglike waarnemings. Voldoende geïntegreerde kennis oor mense se bewuste (ek) en hulle onbewuste (self), sou die sleutel

wees waarmee daar tot die dieper vlak van die onbewustelike menslike verstaan beweeg kan word (kyk Louw 1997:242). Om te kan groei, dit wil sê, om hoopvol midde-in hooploosheid te kan lewe, sou dit nodig wees dat mense ten volle bewus behoort te wees van omstandighede wat die "ek", sowel as en veral die "self" beïnvloed. Omdat die bewuste (ek) in die hier-en-nou bestaan en manifesteer, is die bewuste altyd onvolledig sonder die onbewuste (self). Bewustheid is nooit staties nie. Dit is 'n proses wat elke oomblik staan in die lig van verandering (kyk Yontef 1976:67), terwyl Louw (1997:241) aandui dat hierdie dinamika tussen die "ek" en die "self", 'n invloed uitoefen op die ontwikkeling van die geloof.

Die wyse waarop die pastor en pastorant rousmart eksistensieel as bewustelike gebeure belewe, verskil noodwendig van mekaar. Die holistiese benadering van die pastor mag daartoe lei dat hoe meer hy of sy die bewus-wees van die pastorant verstaan, hoe nader sal daar beweeg kan word daaraan om 'n *ekwiwalente betekenis* te hê van hoe die pastorant rou verstaan. Die verwagtinge wat die pastorant, heel moontlik onbewustelik aan die pastor stel, vereis van die kant van die pastor 'n oor wat bereid is om te luister. Die pastor kan nie die rol van "beter-weter" inneem nie.

Die pastor, as *verteenwoordiger* van God, behoort saam met die pastorant te soek na moontlikhede om die verlies bewustelik te ervaar. Die pastor behoort saam met die pastorant te soek na die brug wat die pad tussen die onbewuste (self) en bewuste (ek) verbind. Sarot (1994:134) bevestig dat die pastor se *em-phatos,* as 't ware beteken dat hy of sy met empatie onder die vel en in terme van die ware betekenis van die woord, binne in die gevoel van die pastorant sal inbeweeg en inkruip om sodoende in die verhaal van verlies ingetrek te word. Empatiese luister vra 'n bereidheid en openheid om grense te kan verskuif, selfs verby die begrensinge van 'n eie self, om sodoende te ontdek wat die ander mag ervaar. Die verskuiwing van grense sal betreffende die pastorale gesprek, altyd meer as net 'n horisontale dimensie hê. Die empatie wat die pastor met die

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

pastorant in rou kan hê, sal voortspruit uit God se empatiese betrokkenheid by mense.

Die voorstelling of ver-beeld-ing van God in die hedendaagse Christendom, is by wyse van die gebruik van metafore en beelde, baie oppervlakkig (kyk McFague 1988:31; 2001:148). Geloof is afhanklik van metafore en analogiese voorstellings om die verhouding tussen God en wêreld uit te druk. Ek meen dat die pastorant die verwagting koester dat dit wat hy of sy nie gesê kry nie, ondersteunend deur die pastor begelei word, sodat dit gesê kan word. Die wyse waarop God in Jesus Christus by mense teenwoordig is, vertel die verhaal van 'n hoopvolle "present"-wees van God by mense in nood. Dit veronderstel 'n empatiese betrokkenheid, waardeur God self kies om Deelnemer in menslike rou en nood te wees. Enige vorm van lyding waarin mense hulle mag bevind, is 'n vraag na God (kyk Oomen 1994:263). So gesien, meen Oomen, ontstaan daar 'n moontlikheid vir die pastorant dat *iets beters* sal deurbreek midde-in sy of haar lyding.

As draer van God se empatie, speel die pastor 'n unieke rol in die lewe van mense ten tye van nood, verlies en rou. Empatiese luister dwing die pastor om te konsentreer op die dieper fokuspunte van die verhaal, sodat die pastorant sin mag ontdek in sy of haar lewe, ondanks en midde-in lyding. Dit is noodsaaklik om die dieper fokuspunte, wat moontlike patologiese rou tot gevolg kan hê, na die oppervlak te bring. Rousmart word verwerk wanneer gelowiges God se medelye, as Mede-lyer in Jesus Christus, op 'n bewustelike vlak ervaar. Vir die Christengelowige is dit die lyding van Jesus Christus wat leiding in lyding kan gee.

## 2.9 Sosiale en relasionele invloede op die rouproses

Rou binne familiekonteks is 'n diepsinnige en komplekse ervaring. Elke lid van die gesin ervaar verlies op 'n eie wyse. Hierdie belewenis word beïnvloed deur die aard van die verhouding waarin elke gesinslid tot die persoon/saak gestaan

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

het. Gilbert (1996:271) maak die opmerking: "[G]rief within the family ... consists of the interplay of individual family members grieving in the social and relational context of the family, with each member affecting and being affected by the others". Rousmart is nie verlies in isolasie nie. Om te rou is om *saam met* en *in verhouding tot* a(A)nder te rou. Mense rou in verhouding tot mense en God.

Op die pad na bemagtiging, na hoop midde-in hooploosheid, sou een van die grootste struikelblokke te wees dat beide pastor en pastorant van die veronderstelling uitgaan dat almal wat dieselfde verlies gehad het, die rousmartemosies op dieselfde graad van intensiteit en frekwensie behoort te ervaar. Onderskeie faktore wat in ag geneem kan word tydens verlies, is byvoorbeeld die spesifieke familiegeskiedenis, die verhouding tot die verliessituasie, geslagsverskille, ouderdomsverskille, vorige traumatiese verliese, geloofsraamwerk, asook die tydstip waarop die rougebeure plaasgevind het. "The timing of the loss, its concurrence with other losses or transitions, or the existence of a history of unresolved or traumatic loss are also factors that affect the impact of the event and the family's adaptation" (Safonte-Strumolo 2000:337). Tydens pastorale begeleiding behoort die pastor daarop bedag te wees dat elke pastorant nie geforseer word om deur dieselfde rouproses te gaan nie. Begeleiding en bemagtiging is nie 'n proses waardeur mense met behulp van 'n bloudruk-model bevry word van hooploosheid nie. Mense in rou behoort eerder begelei te word om die verskille wat daar mag wees in hulle onderskeie ervarings en emosies, te herken en te erken ten einde die verlies te verwerk en bemagtig te word. Ongeag die konteks waarbinne die verlies plaasgevind het, bly dit steeds belangrik dat die emosies van rousmart nie weggeredeneer behoort te word nie. Gesinslede behoort 'n sensitiwiteit teenoor mekaar te ontwikkel om mekaar se onopgeloste vrae te hoor, om openlik te kommunikeer en eerlik met mekaar te wees oor die intensiteit waarmee elkeen hulle verlies belewe.

Bingamann (2001:167) meen aan die hand van die teorie van Carl Jung (1875-1961) dat elke mens, die Christen gelowige ingesluit, 'n skadukant of te wel 'n teenoorgestelde in sy of haar menswees sou hê. Bingamann wil sê dat Christene nie nodig het om hulle van die slegte te distansieer nie, maar eerder te aanvaar en daarmee vrede te maak dat hulle skadukant 'n gegewene is wat nie ontkom kan word nie. Hy gebruik die uitspraak van Jesus in Lukas 17:20b-21 om te illustreer dat mense wat deur Jesus Christus oor sonde en nood triomfeer, die koninkryk van God in hulle het en derhalwe deel is van die gemeenskap van gelowiges. Bingamann (2001:176) interpreteer Jesus Christus se woorde as " ... the kingdom of God is within *all* of you, within every fibre of your being ... [T]o profane body and the instincts, to profane the shadow side of our existence, is to profane an aspect of ourselves that is just as basic to our existence (maybe more) as the more polished, conscious, and spiritualized ego". In die lig van Bingamann se opmerking hierbo, meen ek dat beide die pastor en pastorant saam behoort te besin oor vrae soos:

- Kan mense, met hulle tegnologie en ontwikkeling, nog vashou aan antieke waarhede dat God by die skepping en by skepsels teenwoordig is?
- Is God 'n God wat weet van ...? Is God geïntereseerd in die verliese en trauma wat mense vandag nog beleef?
- Is mense nog *God se mens* wat, soos Israel van ouds, kan hoop op verlossing uit nood?
- In hoeverre dra mense self die verantwoordelikheid om hulleself te bemagtig en na nuwe horisonne en hoop in rousmart te soek?
- Is dit werklik moontlik om "religious maturity" te kan bereik? Is dit haalbaar om midde-in verlies en nood te kan sê dat mense al so 'n mate van *geloofsvolwassenheid* bereik het, dat wat ookal gebeur hulle as mens vreugdevol en oorwinnend daaroor kan triomfeer?

Indien mense, binne die verhouding met God, sinvol en hoopvol wil leef midde-in verlies, is Bidwell (2001:285) van mening dat daar 'n strewe behoort te wees na geloofsvolwassenheid, of dan soos hy dit noem: " ... maturing religious experience ... ". Hierdie geloofsvolwassenheid is *teleologies* van aard. Met ander woorde, verlies wil wys op 'n groter doel *(telos)*. Verlies leef ten volle in die teenwoordige tyd, maar het reeds die oog op die toekoms. Verlies wil hoop. Hoop dra vanuit die hede, die verwagting en afwagting van dit wat nog nie bestaan nie, maar in die toekoms sal realiseer, op grond van God se genade in Jesus Christus.

Die pastor behoort so by die pastorant betrokke te wees, dat beide op 'n geloofsvolwasse wyse verlies in oorwinning sal omskep deur saam te soek na moontlike paaie waardeur sy of haar verlies getransformeer kan word tot geloofsvolwassenheid. Sodoende kan die pastorant sy of haar verlies rig op die vertrouenswaardige HOOP in Jesus Christus, sodat die pastorant seker sal wees " ... van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb 11:1). Guthrie (1986:225) sê dat: "[W]e need not suppose that the writer is attempting a precise definition of faith in his opening statement. He gives us rather those important aspects which are illustrated so vivedly in the *past expieriences of the people of God*". Hoop gebeur dus in die hede vir die vir die pastorant vanuit die belewenisse wat hy of sy in die verlede met God gehad het. Daarom meen Guthrie dat die vorige vers direk by Hebreërs 11:1 aansluit as die skrywer sê dat: " ... ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe [lewe reeds]" (Heb 10:39). Hoop is immanent. Geloof volgens die Herbreërskrywer is die waarborg dat mense hoop kan hê. Geloof word dus mense se sigbare bewys dat God se teenwoordigheid hoop in hulle nood ingebring het. Die Brugbouer tussen hooploosheid en hoop is God self deur Jesus Christus wat teenwoordig by mense is. Die pastorant se verhaal van verlies, wat in patologiese rou mag ontaard, behoort deursigtig te word met die eintlike Verhaal van Verlies (Müller 2000:87). Dit is die Verhaal waarop mense God as Mede-lyer in die teenwoordigheid Jesus Christus ontmoet het. Ek

is van oordeel dat die wyse waarop die pastorant sy of haar verhaal aan die hand van die eintlike verhaal van Jesus Christus oorvertel, daarop neerkom dat hy of sy *bewustelik* met Godsbeelde besig is.

## 2.10 Ontmitologisering van rou

Wortman en Silver (1989:349) meen dat daar verskeie mites ontstaan het ten opsigte van die hantering van verlies. Een sodanige mite meen hulle is die veronderstelling dat " ... all bereaved individuals need to work through their grief and that the resolution of grief was a necessary and expected endpoint of this process". Hierdie mite veronderstel dat mense wat verlies ervaar, noodwendig probleme sal hê om dit te verwerk en dat daar deur die herhaaldelike vertelling van die verliesstorie by 'n eindpunt gekom sal word dat dit nie meer nodig sal wees om oor die verlies te praat nie. Die mite laat ook nie die ruimte om te weet of hierdie "endpoint" in rouwerk 'n punt is waar die pastorant met hoop gevul is nie. Die opmerking van Bonnano (2001:719) dui aan dat daar tot soveel as *vyftig persent* van individue in rou aangedui dat hulle geen probleme het in die verwerking van hulle rousmart nie en dat hulle dit in orde vind om met die eise van hulle normale lewensgang aan te gaan, ongeag op watter tydstip van die rouproses hulle hulleself sou bevind. Tereg vra Bonnano die vrae:

> If grief is a normal process, why do we grieve? How do people naturally get over their grief? What happens when people grieve? Do people actually resolve a loss? Or are we transformed by the process? What changes when we mourn a loss? Why do some people show little or no grief? Why do some people show extreme forms of grief? How can these people be helped?

Om bogenoemde vrae saam met Bonnano te antwoord, sou ek aansluiting by Oomen (1994:263) kon vind wat van mening is dat die kruks daarin lê dat rousmart weg van die *self* behoort te fokus. Vir hom is die lyding van

Christengelowiges in die eerste plek nie 'n vraag na die self of die verlies wat gely is nie, maar 'n vraag na God. Rou wil 'n wegwys wees van die verlies en trauma en van die self, en wil heenwys na die nuwe moontlikhede, die nuwe hoop wat God in die teenwoordigheid van mense deur die lyding van Jesus Christus self bewerk het.

### 2.10.1 Herinnerings as ontmitologisering

Een van die eerste opmerkings wat 'n mens gewoonlik van die mense in rou hoor, is: "Ek weet nie hoe ek sonder hom/haar/dit sal kan leef nie". Dit is 'n gevoel van afhanklikheid tot die persoon/saak, wat dit inderdaad in baie gevalle vir mense in rou moeilik maak om met sin voort te lewe. Die pastor kan die geleentheid gebruik en positief aanwend vir mense in rou. Hoewel die verhouding tot die persoon/saak anders daar uitsien as voor die tyd, is dit so dat die herinneringe en waardering wat daar ten opsigte van die persoon/saak in normale tye gekoester was, nie geïgnoreer of ge-elimineer kan word nie. Niemand kan aan die pastorant voorskryf om op te hou om waardering te hê of met liefde na te dink oor dit wat die mense of saak in sy/haar lewe beteken het nie.

Zisook en Shuchter (2001:787) merk soos volg op:

> Memories become a source of comfort and continuity ... realign attachment bonds with the deceased in a way that is psychologically and symbolically adaptive, and resume old roles and assume new ones as necessary. Many even grow or obtain new capacities never before realized. Although for most people, grief does not totally resolve or go away, it does lessen in intensity over time and becomes circumscribed or suppressed. For most individuals, variable degrees of their grief remain dormant only to awaken or reemerge in response to familiar triggers, such as anniversaries or special events, or in response

to regressive pulls, such as the onset or exacerbation of a depressive illness.

### 2.10.2 Voorkoming as ontmitologisering

Die spreekwoord lui dat voorsorg beter as nasorg is. Ek is van oordeel dat indien die pastor bewus is van 'n komende en potensiële verlies en dit vir hom of haar moontlik is om daarby betrokke te raak deur vooraf te begelei, beraad en te bemagtig, daar met die aanbreek van die verlies, baie werk afgehandel is wat moontlike patologiese rou mag uitskakel. Die pastor behoort lede van die geloofsgemeenskap te bemagtig om vir mense in rou mede-mens met medelye te kan wees. Wat dit betref, bevestig Zisook en Shuchter (2001:789) dat " ... therapeutic and supportive interventions can be helpful to reduce suffering, facilitate grief, and even minimize subsequent risk of medical or psychiatric morbidity".

### 2.10.3 Opoffering van die eie ek as ontmitologisering (eie beeld)

Om te verstaan wie en wat mense is, is om te verstaan dat mense as beeld van God geskep is. Dit is 'n relasionele beginsel, wat mense se wese, bestaan en begrip, die totale menslike "self" nie los kan dink van 'n verhouding met die teenwoordige God nie. Om te wees, is om te wees in verhouding tot mense en tot God. Mense is afhanklik van God se teenwoordigheid, sodat hulle hoopvol in die teenwoordigheid van God kan lewe. In die teenwoordigheid van God is mense is "minder as ..."-wesens en staan hulle in totale afhanklikheid van God se beloftes wat "meer as ... " is, omdat God naby aan hulle gekom het.

Paulus maak in Rom 8:35-39 'n lys van denkbare bedreigings wat 'n Christengelowige moontlik mag verhoed om tot "egte" geloof en "vaste" hoop in God te mag kom. Wanneer hy in Romeine 8:37 sê dat ons: " ... *meer as* oorwinnaars [is] deur Hom wat ons liefhet", behoort dit vir Christengelowiges wat in die teenwoordigheid van God lewe, 'n hoopvolle troos en 'n troosvolle hoop te bied dat die hede met optimisme, moed, geloof en hoop geleef kan word (kyk Käsemann 1980:250). Omdat God se teenwoordigheid altyd meer inhou as die

woorde van mense, kan die pastorant, as "minder as"-wese, in nood en verlies, alleen maar vir God vertrou om die Woord waar te maak, ten einde *meer as* 'n selfgesentreede, egoïstiese eie ek voort te bestaan. Dit is die verrassende dat die vervulling van die beloftes van God, altyd ook 'n element van nuutheid dra. Daarom weet mense wat in die teenwoordigheid van God lewe, dat dit louter genade is dat die *menslike self* in diens van die *Goddelike self* gestel behoort te word.

Jürgen Moltmann (1984:25; vgl Stroebe 2001:855) stel dat dit nie " ... against his or her fellow human beings, nor apart from them, but only in human fellowship with them and for them that the individual can correspond to his or her destiny as created in the image of God". Hoop in rousmart ontstaan waar die gemeenskap van gelowiges hoopvol die gemeenskap met God uitleef, deur die eie ek op te offer.

### 2.10.4 Bemagting as ontmitologisering (Godsbeeld)

Hoe behoort mense in rou hulle rousmart te hanteer? Is daar so iets soos 'n normale rouproses? Hoe kompleks is verlies regtig? Behoort die rouwerkteorie van die tafel afgevee te word en vir die huidige net na nuwe moontlikhede tot bemagtiging gekyk word? Om deur die proses van rou te werk, impliseer 'n kognitiewe en bewustelike proses waarin daar voorkomend gewaak word dat emosies nie die oorhand oor die rasionele kry nie.

Margaret Stroebe (2001:855) stel dat:

> At least, this seems to be the case in our own western culture. In line with this, traditional scientific conceptions stemming from the psychoanalytic perspective (cf. Freud 1917/1957) have also argued that it is necessary to bring the reality of loss into awareness to avoid complications in the course of grief. This assumption has come to be known as the grief work hypothesis.

University of Pretoria etd – Smith, W J  (2006)

In terme van die bemagtiging van mense in rou, is dit ongelukkig so dat die rouwerkteorie nie voldoende empiries getoets was nie. Dit beteken dat die verwerking van die rouproses vir 'n baie lang tyd moes werk met aannames en afleidings. Stroebe (2001:856) is van mening, wanneer sy De Ridder (2000) aanhaal, dat: "There are different prescriptions not only across cultures (e.g., there is no speaking of the deceased in some cultures) but also between subgroups within cultures; women, for example, are typically more confrontive of emotions such as grief than men".

'n Verdere kritiek teen die rouwerkteorie is dat dit die verstaan van die rouproses beperk het, dit voorskriftelik was en dat dit nie werklik bemagtiging te weeg gebring het nie. Dit, meen die genoemde wetenskaplikes, het gelei tot teenstrydige interpretasies van die betrokke teorie.

Dit is die oordeel van Margaret Stroebe (2001:856) dat bemagtiging van mense in rou daarin lê dat: " ... we need to identify the types of confrontation and avoidance of grief that help the person to come to terms with loss versus those that hinder such adaptation". Teenoor die tradisionele rouwerk, stel Stroebe die *konfrontering van rou (grief confronting process)* voor. In die studie van Davis en Nolen-Hoeksema (2001:726-741) stel hulle dat in plaas daarvan dat die rou deurgewerk word, word daar eerder in terme van die *konfrontatiewe teorie* gevra na pogings wat aangewend kan word om die sin in verlies te verstaan en om te bepaal watter voordele of nut daarin kan wees in die ervaring van rousmart. Hierdie uitgangspunt van Davis en Nolen-Hoeksema dra ook 'n Bybelse karakter en kan besondere betekenis vir die pastoraat hê in terme van 2 Korintiërs 4:16: "Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe". Dieselfde strekking lê ook in 1 Tessalonisense 4:13: "Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat nie hoop het nie". Die konfrontering en emansipering

van rou impliseer dat rou, verlies en trauma nie noodwendig net 'n element van die slegte en negatiewe en hartseer en pyn saamdra nie. Rou is *rou*, maar dra ook die karakter van vreugde en oorwinning. Die voordeel in die ervaring van rousmart is dat Iemand reeds daardeur is en oorwin het. Die voordeel van rou is dat mense saam met Jesus Christus meer as, en gevolglik 'n mede-oorwinnaar is oor die hartseer, verlies en pyn wat gely word.

Deur die teenwoordigheid van Jesus Christus in 'n gebroke en onvolmaakte lewe van pyn, verlies en rou, word aan 'n "kleipot" wat aan die verkrummel is, nuwe betekenis gegee deur die skat van die oorwinnende Christus te hê (2 Kor 4:7). In 2 Korintiërs 4:8-12 herinner Paulus sy lesers dat daar altyd hoop is, maak nie saak hoe moeilik mense se omstandighede mag wees nie. Deur Jesus Christus se teenwoordigheid word mense wat ly, nie in die steek gelaat nie. Paulus dui aan dat mense in elke vorm van vernedering, beproewing of probleem 'n geleentheid het waarin hulle die kragtige teenwoordigheid van God kan belewe. Tasker (1983:72) se kommentaar op Paulus se woorde in 2 Korintiërs 4:7 is dat dit beteken dat mense " ... the glory of God in the face of Jesus Christ ... " kan belewe, en dat " ... the wonder of the divine dispensation is that while an earthly treasure is usually preserved in a container of fitting dignity and beauty, the treasure of the gospel [God's hope at presence] has been entrusted to men [and women] subject to the infirmities and limitations, the instability and insecurity of their finite condition". God se paradoksale teenwoordigheid maak sterk wat swak is en bring hoop, hier-en-nou, midde-in hooploosheid Deur die teenwoordigheid van Jesus Christus by mense wat ly, gee God medelyend leiding aan mense in lyding.

Sarot (1994:131) vat raak deur op te merk: " ... dat de smart die ik voel ... een weerspiegeling is van Gods smart en medelijden, ook al voelt Hij de pijn op een andere manier dan wij". Die pastorant ervaar God in sy of haar eie lyding, nood en verlies, as dié God wat uniek en anders teenwoordig met mense saamleef wanneer Jesus Christus, vir mense *Immanuel* word. Trouens, dit is deur die

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Jesus-gebeure waarop God se teenwoordigheid by mense ervaar word. God, wat in Jesus Christus, die uiterse vorm van rou aan die kruis beleef het, is as aktiewe deelnemer in rou, teenwoordig in menslike rou. God, as uniek teenwoordig in en deur Jesus Christus, is dié God met wie mense kan praat en in verhouding kan tree, alleen deurdat Jesus Christus se weldade aan die kruis en deur die opstanding vir mense bedoel is. God se empatie in rou bemagtig mense met verlies, wat beteken dat elke mens in nood en rou kan hoor: "My genade is vir jou genoeg" (2 Kor 12:9). Dit is alleen omdat die teenwoordige God mense se nood en hooploosheid in verlies ken, dat Spiegel (1977:348) kan stel dat:

> A false understanding of faith can also block the comprehension of what takes place in the grief process. If the attitude of faith insists on depriving Christ of the element of futurity and holds him fast to the earthly Jesus; if the power structures are not recognized which made Christ a victim; if he is so glorified that his humanity disappears; if he is treated as an object of the past and is not entrusted with the power to help the bereaved to a deeper comprehension of his own existential fulfillment, then the danger may arise that the person once loved and now deceased will be seen in false dimensions and the grief work may end in a negative result.

God wat teenwoordig is in rousmart, maak dit vir mense gedeelde rousmart. Gedeelde rousmart verleen diepte aan mense in hulle soeke na bemagtiging en singewing in nood. Gedeelde rousmart maak God mede-lydend teenwoordig by die lyding van mense. Gedeelde rousmart laat die uitnodiging van Jesus Christus weerklink wanneer gesê word: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig" (Matt 11:28-30).

Gedeelde rousmart het te doen met die wyse waarop mense vir God tydens hulle verlies verbeeld. Die vraag is: Is dit waar dat gelowiges hierdie ervaring het dat Jesus Christus die angel (1 Kor 15:55) uit verlies en rou gehaal het? Kan gelowiges saam met Paulus in Filippense 1:21 sê dat verlies vir hulle 'n wen-situasie geword het? Is dit moontlik om soos Maria en Maria Magdalena *baie bly* (Matt 28:8) te wees, ten spyte van verlies? Is dit moontlik om saam met Jakobus " ... baie bly te wees wanneer allerlei beproewings oor my kom"? (Jak 1:2). Waarom beleef mense dan nie hierdie emosies in rousmart nie? Waarom is depressie en stres aan die orde van die dag? Waarom raak mense mismoedig oor die politiek en die ekonomie van die dag? Waarom huil mense as hulle vriende en familie doodgaan? Waarom die emosies wanneer mense hulle werke verloor?

Die antwoorde op hierdie vrae is nie voor die hand liggend en maklik nie. In 'n poging om die vrae te antwoord en in die lig van my verstaan van hoe God teenwoordig is by mense, as voor-beeld in die Jesus-gebeure (soos wat die Nuwe Testament, veral die Pauliniese geskrifte daaroor getuig), meen ek dat daar 'n verband bestaan tussen beelde wat *gelowiges* (waarna die Bybel verwys en wat vandag die Bybel lees) van God het en die wyse waarop rousmart beleef word, van wesenlike belang is. Die beeld wat mense van hulleself het en die beeld wat hulle van God het, mag moontlik ver van mekaar verwyderd staan. Die beeld wat mense van God het, sal ongetwyfeld hulle self-beeld beïnvloed. Dit behoort sonder twyfel implikasies te hê vir die pastoraat en hier spesifiek in die verwerking van rousmart.